

‘N LEWE VAN GELOOF



ARMIN KRITZINGER

INHOUD

Hoofstuk 1 – Bestaan God Regtig?	2
Hoofstuk 2 – Wat is Geloof?	9
Hoofstuk 3 – Lewe deur Geloof	15
Hoofstuk 4 – Groot Geloof en Klein Geloof	23
Hoofstuk 5 – Groei Jou Geloof	32
Hoofstuk 6 – God se Beeld	38
Hoofstuk 7 – Die Krag van Sonde	45
Hoofstuk 8 – Vry van Sonde	51
Hoofstuk 9 – Oorwinning oor Sonde	58

©2020 Armin Kritzinger

Alle Regte Voorbehou

Book Edited Version 4

arminkritzinger@live.com

www.trusthisword.com

YouTube: Armin Kritzinger

HOOFSTUK 1

Bestaan God Regtig?



Het jy al ooit gehoor van Kersvader? Ek was geleer dat hy 'n ou, vet man in rooi en wit was, wat in die Noordpool woon. Eenmaal per jaar, tydens Kersfees, het hulle geleer sal hy geskenke uitdeel. Kersvader bestaan nie. Hy is 'n leuen. Ek het ongelukkig 'n leuen geglo vir 'n paar jaar. Baie kinders glo steeds dat Kersvader bestaan.

Net omdat ons iets glo beteken nie dat dit waar is nie. Ons moet kyk na die feite om te sien wat waar is.

Sommige mense glo dat alle godsdienste eintlik leuens is wat geskep was om mense van verskillende kulture aan te moedig om 'n goeie lewe te lei. Sommige mense glo ook dat alle godsdienste goed is en daarom maak dit nie saak watter godsdiens jy volg nie. Maar wat is hulle feite? Ons moet kyk na die feite. Net omdat mense hierdie idees het, maak dit nie waar nie.

Ek het gehoor dat sommige Christene sê dat God verhoor hulle gebede en dus weet hulle dat Hy bestaan. Dit kan vir hulself persoonlik oortuigend wees, maar dit sal nie oortuigend vir my Moslem vriend wees wat glo dat sy gebede ook verhoor word en hy reg is nie. Ook nie vir my Boeddhistiese vriend wat glo haar gebede word verhoor en sy is reg nie. Persoonlike ervaring is feite vir die een wat dit ervaar het, maar nie noodwendig vir almal nie, want ander kan nie altyd bewys of daardie persoon se persoonlike ervaring waar is, of slegs 'n leuen nie.

Ek het nog nooit 'n persoon ontmoet wat dit geniet om voor gelieg te word nie. So wanneer dit by die bestaan van God kom, is dit alles 'n leuen, soos Kersvader, of is dit 'n feit? Is daar bewyse vir die bestaan van God?

1. Wat leer die Bybel is bewys dat iemand 'n god is?

“Gee te kenne dinge wat later sal kom, sodat ons kan weet dat julle gode is” (Jesaja 41:23)

NOTA: Die Bybel maak dit duidelik dat as iemand gedetailleerde gebeure in die toekoms met 100% akkuraatheid kan voorspel dan kan ons weet dat hy/sy 'n god is. Nie 90% nie, en nie 99,99% nie, maar 100% akkuraatheid. Dit is nie wetenskaplik moontlik, of natuurlik, vir iemand om in staat te wees om gedetailleerde gebeure in die toekoms te voorspel met 100% akkuraatheid nie. Omdat dit nie natuurlik is nie, is dit bonatuurlik. As iemand dit kan vervul dan kan ons weet dat hulle bonatuurlike krag het. Daar is baie mense wat raai oor die toekoms. Daar kan selfs diegene wees wat dit reg voorspel 99,99% van die tyd, maar die Bybel sê net 100% akkuraatheid sal voldoen. As iemand in staat is om gedetailleerde voorspellings oor die toekoms te maak, en dan gebeur dit so 100% van die tyd, moet ons bereid wees om daardie persoon 'n god met bonatuurlike krag te noem.

2. Wat leer die God van die Bybel oor Homself?

“Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie” (Jesaja 46:9)

NOTA: Die God van die Bybel maak 'n sterk stelling deur te beweer dat Hy alleen God is, en daar geen ander is nie.

3. Wat is God se rede, in vers 10, vir die sterk stelling wat Hy in vers 9 maak?

“wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie” (Jesaja 46:10)

NOTA: Die God van die Bybel leer dat Hy in staat is om gedetailleerde gebeure in die toekoms te voorspel met 100% akkuraatheid. Hy beweer dat hierdie bonatuurlike krag toon dat Hy God is, en daar geen ander is nie. Sien ook Jesaja 42:8-9.

4. Het Jesus iets soortgelyk geleer in die Bybel?

“Van nou af sê Ek dit aan julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat dit Ek is.” (Johannes 13:19)

NOTA: Jesus, in die Nuwe Testament, maak 'n baie soortgelyke verklaring aan wat ons in die Ou Testament gevind het in Jesaja 46:9-10. Jesus beweer dat hy kan gedetailleerde gebeure in die toekoms met 100% akkuraatheid voorspel en dat hierdie bonatuurlike krag sal wys dat Hy spesiaal is.

5. Wat het God voorspel aangaande antieke Babilon?

“So sal dan Babel, die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Chaldeërs, wees soos toe God Sodom en Gomorra omgekeer het. Mense sal daar in ewigheid nie woon nie, en dit sal van geslag tot geslag nie bewoon word nie; en die Arabier sal daar geen tent opslaan nie, en geen herders sal hulle vee daar laat lê en rus nie.” (Jesaja 13:19-20)



NOTA: Die God van die Bybel het gesê dat antieke Babilon nooit weer bewoon sal wees nie. Is dit waar vandag? Gaan na die terrein van antieke Babilon vandag en jy sal dit in puin en onbewoon vind net soos God gesê het dit sou wees. Kyk ook na Jeremia 51:26, 37

6. Het God akkuraat die ondergang van Egipte voorspel? Sal dit weer ‘n wêreldmag wees?

“En dit sal geringer wees as die ander koninkryke en hom nie meer bo die nasies verhef nie; en Ek sal hulle klein maak, sodat hulle nie heers oor die nasies nie.” (Esegiël 29:15)

NOTA: Lees ook Esegïel 30:4, 12-13. Egipte was op 'n tyd die voorste nasie van die wêreld. Dit was 'n sentrum van die kunste, wetenskap en godsdiens.

7. Wat was God se voorspelling oor antieke Tirus?

“En hulle sal jou rykdom buitmaak en jou koopware roof en jou mure afbreek en jou kosbare huise omgooi; en hulle sal jou klippe en jou houte en jou puin in die water slinger. En Ek sal die geruis van jou liedere laat ophou, en die klank van jou siters sal nie meer gehoor word nie. Ja, Ek sal jou ‘n kaal rots maak, ‘n droogmaakplek van nette sal jy wees en nooit herbou word nie; want Ek, die HERE, het dit gesê, spreek die Here HERE.” (Esegïel 26:12-14)

NOTA: God het die vernietiging en die onwaarskynlike millennia lange toekoms van hierdie terrein voorspel. Tirus was ‘n stad vir sakemanne. Nebukadnésar het die vasteland van Tirus aangeval en vernietig. Babilon het nooit die eiland verower nie, maar het ‘n kommissaris op die eiland geplaas wie se plig dit was om te verseker dat die korrekte belasting gereeld aan Babilon betaal word. Die vasteland deel van Tirus is nie herbou gedurende daardie tyd nie, maar die stad op die eiland het voortbestaan deur die Persiese tydperk. Toe Alexander vir Tirus gedreig het, het die eiland geweier om hulself aan die Grieke te onderwerp. Alexander het toe hout en puin van die ou Tirus stad gebruik om ‘n pad deur die water na die eiland te maak en die profesie van Esegïel 26:12 vervul. Sy weermag kon toe na die eiland beweeg en die stad vernietig. Hy het die leiers vermoor en die mense as slawe verkoop. Die stad is herbou, maar dit was nie so groot soos tevore nie. Later in 1291 nC was dit byna heeltemal vernietig deur die Saracens. Die pad wat Alexander gebou het deur die water het deur die jare gestrek tot ‘n breedte van bykans 800 meter. Sommige van die ou geboue kan steeds gesien word in die water. Daar is nog ‘n vissershawe aan die noordekant van die eiland. Die groot nasie van Esegïel se dag is nie meer nie en dit is net soos God gesê het dit sou wees.

8. Watter gebeure het God voorspel om te gebeur in die natuur?

“En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was ‘n groot aardbewing; en die son het swart geword soos ‘n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos ‘n vyeboom wat deur ‘n groot wind geskud word, sy navye laat afval”

(Openbaring 6:12-13)



NOTA: Hierdie gebeure is almal vervul in presiese volgorde. In vervulling van hierdie profesie het daar in die jaar 1755 die mees verskriklike aardbewing wat ooit aangeteken is plaasgevind. Hoewel algemeen bekend as die aardbewing van Lissabon, het dit uitgebrei na die grootste deel van Europa, Afrika en Amerika. Dit is gevoel in Groenland, in die Wes-Indiese Eilande, in die eiland Madeira, in Noorweë en Swede, Groot-Brittanje en Ierland. Dit het ‘n area van omtrent vier miljoen vierkante myl deurtrek. In Afrika was die skok amper so erg soos in Europa. 'n Groot deel van Algiers was vernietig, en 'n kort afstand van Marokko was 'n dorp met agt of tien duisend inwoners verslind. 'n Groot golf het oor die kus van Spanje en Afrika gespoel wat stede vernietig het en groot verwoesting gesaai het. Vyf en twintig jaar later verskyn die volgende teken wat in die profesie genoem is - die verduistering van die son en die maan. Op 19 Mei 1780, is hierdie profesie vervul. "The Dark Day, 19 Mei 1780 - sogenaamde as gevolg van 'n merkwaardige duisternis op daardie dag oor die hele New England... Die ware oorsaak van hierdie merkwaardige verskynsel is nie bekend nie." Noah Webster Woordeboek, ed. 1869. "Kerse is gebruik... Hoenders is terug na hulle hokke om te gaan slaap, vee het versamel by die weiding bak, paddas het gekwaak, voëltjies het hulle skemer-liedjies gesing, en vlêrmuise het begin rondvlieg. Maar die mens het geweet dat die aand het nog nie aangebreuk nie" The Essex Antiquarian, April, 1899, vol.3, No. 4, pp.53-54. Na middernag het die duisternis verdwyn en die maan verskyn. "Die maan, wat vol was, het die

voorkoms van bloed gehad. Die paniek wat dit veroorsaak het en die gereelde verwysing daarna, het 'n diep indruk in my gedagtes gemaak” Milo Bostwick, Stone's History of Beverly, Massachusetts. Toe het Openbaring 6:13 sy vervulling bereik in 1833. “Waarskynlik die mees merkwaardige van al die meteoriese storte... was dié van die Leoniede, op 12 November 1833. Die aantal ... is geraam so hoog as 200,000 per uur vir vyf of ses ure” Charles A. Young, Manual of Astronomy, p. 469. “Mense het gesê dat hulle het geen probleem gehad om sonder 'n kers die koerant die hele nag te lees nie.” American Journal of Science and Arts, Volume XXV, 1834. Ons het wetenskaplike en historiese bewyse dat die Bybel geskryf is voordat hierdie profesieë vervul is. Weereens gebeur dit net soos God gesê het dit sou gebeur. Baie mense ken nie hierdie feite nie en het nog nooit gehoor van dit nie.

9. Is dit belangrik vir ons om 100% seker te wees dat God bestaan?

“En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is” (Hebreërs 11:6)

NOTA: Satan, die vyand van God, wil nie hê dat mense die bewys vir God se bestaan moet verstaan nie. Dit is hoekom daar so baie verskillende interpretasies is wanneer dit by Bybelse profesieë kom. Profesie bewys dat God bestaan.

Opsomming


Net omdat ons ouers of onderwysers ons iets geleer het beteken nie dit is waar nie. Mense was al keer op keer verkeerd gewees. Ons moet kyk na die feite. Die Bybel maak dit duidelik dat as iemand gedetailleerde gebeure in die toekoms met 100% akkuraatheid kan voorspel dan kan ons weet dat hy/sy 'n god is. Omdat dit nie natuurlik is nie, is dit bonatuurlik. Die God van die Bybel maak aanspraak dat Hy alleen hierdie bonatuurlike vermoë het en daarom is Hy alleen God. Die Bybel is vol voorbeelde waar die God van die Bybel gedetailleerde gebeure in die toekoms met 100% akkuraatheid voorspel voordat hulle plaasgevind het. Wat is die bewyse vir God se bestaan? Die Woord van God (Bybel) wat gedetailleerde

gebeure in die toekoms voorspel met 100% akkuraatheid is 'n bewys vir die bestaan van God. As die Woord waar is en die voorspellings vervul is, dan logies moet die een wat die Woord gespreek het ook bestaan. Geen ander skrif kan werklik toon om voorkennis te hê nie. Die Bybel het dus 'n krag bo ander geskrifte soos die Koran, die Boek van Mormon, die kerkvaders, die geskrifte van Hindoeïsme, Boeddhisme, Taoïsme, en die ongeskrewe idees van die dierlike stamme. Hierdie krag stel dit ook bo die navorsing van die moderne mense. Hierdie krag is voorspellende profesie - die vermoë van die God van die Bybel om gedetailleerde gebeure in die toekoms te voorspel met 100% akkuraatheid. Die bestaan van God is 'n feit.

Jou keuse

Noudat jy gesien het dat voorspellende profesie 'n bewys is vir die bestaan van God, is jy bereid om te beloop om meer oor Hom te leer deur studie van Sy Woord?

Antwoord: _____



HOOFTUK 2

Wat is Geloof?

Die wêreld het baie super helde geskep wat super kragte het. Sommige helde kan vlieg. Ander helde is baie sterk. Baie kinders droom oor watter tipe super krag hulle sou gehad het as hulle 'n super held was. Maar die super helde van hierdie wêreld bestaan nie regtig nie. Hulle is almal leuen stories.



In die vorige les, “Hoofstuk 1 – Bestaan God Regtig?”, het ons gesien dat daar bewys is vir die bestaan van God. Die bestaan van God is 'n feit en nie 'n leuen nie. God se voorspellende profesieë in die Bybel bewys Sy bestaan. Maar hoekom het God hierdie vermoë om gedetailleerde toekomstige gebeure met 100% akkuraatheid te kan voorspel? Wat sê die Bybel oor God se super krag? Geloof help ons om die antwoord op hierdie vrae te verstaan.

1. Wat leer die Bybel is nodig om God te behaag?

“En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag” (Hebreërs 11:6)

NOTA: Die rede vir dit is omdat “alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde” (Romeine 14:23), en natuurlik kan sonde nooit God behaag nie. Geloof moet dan baie belangrik wees.

2. Hoe leer die Bybel moet ons lewe?


“die regverdige sal uit die geloof lewe” (Romeine 1:17)

NOTA: As God se volgelinge uit geloof moet lewe, dan is dit nodig om te weet wat geloof is. Baie mense weet wat die definisie van geloof is, maar hulle weet nie wat die ding is nie. Hulle verstaan nie die idee binne die definisie nie.

3. Waar moet ons soek as ons wil weet wat geloof is?

“Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.” (Romeine 10:17)

NOTA: As geloof kom deur die Woord van God, dan is dit in die Woord waar ons vir dit moet soek.



4. Wie in die Bybel het groot geloof gehad volgens Jesus?

“En nadat Jesus in Kapérnaüm ingegaan het, kom daar ‘n hoofman oor honderd na Hom toe en smee Hom en sê: Here, my kneg lê tuis verlam en hy ly hewige pyne. Daarop sê Jesus vir hom: Ek sal kom en hom gesond maak. En die hoofman oor honderd antwoord en sê: Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie; maar spreek net ‘n woord, en my kneg sal gesond word... Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom verwonder en aan sy volgelinge gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so ‘n groot geloof nie gevind nie.” (Mattheus 8:5-10)

NOTA: Jesus is "die Leidsman... van die geloof" (Hebreërs 12:2) en Hy sê dat die hoofman geloof het – ja, “groot geloof”. Dit is wat Jesus geloof noem. Wanneer ons weet wat dit is wat die hoofman gehad het, dan weet ons wat Jesus geloof noem. Om te weet wat dit is, is om te weet wat geloof is.

5. Hoe wou die hoofman gehad het dat Jesus sy dienskneg moet genees?

“En die hoofman oor honderd antwoord en sê: Here, ek is nie werd dat

U onder my dak inkom nie; maar spreek net 'n woord, en my kneg sal gesond word.” (Mattheus 8:8)

NOTA: Wat het die hoofman verwag sal die werk doen? NET 'n Woord. Op wat het hy staat gemaak om sy dienskneg te genees? NET 'n Woord. Wat, lieve leser, is geloof dan? Geloof is om te verwag dat die Woord van God ditself sal doen wat daardie Woord gespreek het en om slegs op daardie Woord alleen staat te maak om te doen wat dit gesê het. Geloof is om te verstaan dat God se Woord is altyd waar, want die Woord maak ditself waar.

6. Hoe kan God se Woord ditself waar maak?

“Want die woord van God is lewend en kragtig” (Hebreërs 4:12)

NOTA: God se Woord is 'n lewende Woord. Sy Woord het lewe. Dit is ook kragtig, of vol van krag.

7. Watter tipe krag het God se Woord?

“want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan.”

(Psalms 33:9)

NOTA: Voor Hy gespreek het was daar niks. Nadat Hy gespreek het was dit. Slegs deur te spreek was dit. Wat het die ontstaan veroorsaak? Net 'n Woord. God het 'n super krag: Sy Woord is skeppend. Dit beteken dat Sy Woord is gevul met skeppende krag en kan enige iets doen wat Hy beveel. Die mensdom het nie hierdie super krag nie. Ons woord is beskrywend. Ons woord kan dinge beskryf, maar kan nie dinge skep nie. Die hoofman in Mattheus 8 het geweet dat God se Woord skeppende krag het, en het daarom geweet dat Jesus kon sy dienskneg genees deur slegs 'n Woord te spreek.

8. Wat sê God sal doen wat Hy wil hê?

“Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter; so sal my

woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.” (Jesaja 55:10-11)

NOTA: God spreek Sy Woord, en hoef niks ekstra te doen nie. Die skeppende krag in Sy Woord sal die taak verrig.

9. Wat is die verskil tussen die mense se woord en God se Woord?

“God is geen man dat Hy sou lieg nie” (Numeri 23:19)

“waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg” (Hebreërs 6:18)

NOTA: Hoekom is dit onmoontlik vir God om te lieg? Dit is nie onmoontlik vir God om te lieg net omdat Hy nie wil nie, maar Hy kan ook nie. En Hy kan nie lieg nie, want dit is onmoontlik. Hoekom is dit onmoontlik? Want wanneer Hy spreek is daar skeppende krag in Sy Woord sodat “net ‘n Woord” sal seker maak dat dit so is. Dit is die verskil tussen die Woord van



God en die woord van die mens. Die mens kan iets spreek wat nie so is nie, want daar is geen krag in sy woord om dit waar te maak nie. Die mens moet iets ekstra doen bo en behalwe sy woord om daardie woord waar te maak. Maar wanneer God spreek, dan is dit. Dit is, net omdat Hy dit gespreek het. Die Woord sal doen wat Hy gespreek het en dit is nie nodig dat Hy iets ekstra daarop moet doen nie. God “spreek net ‘n Woord” en die taak is verrig. Dit is hoekom die mens kan lieg, want om iets te spreek wat nie so is nie, is om te lieg. Die mens kan lieg deur te spreek wat nie so is nie, want daar is geen krag in sy woord om dit waar te maak nie. Met God is dit onmoontlik. God kan nie lieg nie (Titus 1:2). Wanneer ‘n man na ‘n blinde man wys en sê dat hy blind is, dan is die man eenvoudig besig om die ander man te beskryf. Wanneer ‘n man na ‘n blinde man wys en sê dat hy sal sien, dan sal die man ‘n leuenaar wees. Nie so met God nie. God se Woord is skeppend en nie beskrywend nie. Wanneer God na ‘n blinde man wys en sê dat hy sal sien, dan sal die blinde man sien, want die skeppende krag in God se Woord sal hom laat sien.

10. Hoe het God die heelal geskape?

“Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak” (Psalms 33:6)

NOTA: Hulle wat verstaan wat geloof is verstaan dat God se Woord skeppende krag het en kan dus skeep wat God gespreek het. Daarom kan ons verstaan, en hoef nie te raai nie, dat die wêreld geskape was deur die Woord van God. Dit is hoekom deur “die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie” (Hebreërs 11:3). Om te verstaan wat geloof is, dat God se Woord skeppende krag het, is die sleutel in die debat tussen evolusie en skepping. “God... wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.” (Romeine 4:17).

11. Wat is die bewys dat God se Woord skeppende krag het?

“Ek is die HERE, dit is my Naam... Kyk, die vorige dinge het gekom, en nuwe dinge verkondig Ek; voordat hulle uitspruit, laat Ek julle dit hoor.” (Jesaja 42:8-9)

“Die vorige dinge het Ek lankal verkondig, en uit my mond het dit uitgegaan, en Ek het dit laat hoor; skielik het Ek dit volbring, en dit het gekom.” (Jesaja 48:3)

NOTA: Vervulde voorspellende profesieë oor God se wil is 'n bewys dat God se Woord skeppende krag het. In die vorige les, “Hoofstuk 1 – Bestaan God Regtig?”, het ons gesien dat sekere vervulde voorspellende profesieë bewys is vir God se bestaan. Wat is 'n vervulde profesie? Dit is eenvoudig God se Woord wat sê dat daar iets sal gebeur, en dan gebeur dit presies soos Sy Woord gesê het dit sou. Hoekom? Want Sy Woord het skeppende krag. Dit is ook die rede waarom wanneer die Woord van God gepraat word vir 'n sekere tyd, soos in 'n profesie vir honderde jare in die toekoms, wanneer daardie tyd eintlik aankom, sal daardie Woord vervul word. Dit word nie vervul omdat God iets ekstra bo Sy Woord doen nie, maar omdat daardie Woord gespreek was vir daardie spesifieke tyd en in daardie Woord is skeppende krag wat sal skeep wat God gespreek het vir daardie tyd. Hier praat ons spesifiek van profesieë oor God se wil en werk, nie die werk

van die bese nie. Hy profesieë rakende toekomstige gebeure buite Sy wil aan ons openbaar as gevolg van Sy voorkennis.

12. Wat is die Bybel se definisie vir geloof?

“Die geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.” (Hebreërs 11:1)

NOTA: Omdat God se Woord skeppende krag het is dit in staat om te skep wat God gespreek het. Dit is hoekom ons geloof ‘n vaste vertroue is. En omdat God se Woord skeppende krag het en dus kan skep wat nie bestaan nie, en nie gesien kon word nie, is dit maklik om te verstaan dat geloof “‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie” is.

Opsomming

God het ‘n super krag: Sy Woord is skeppend. Hierdie super krag sluit ook baie ander super kragte in, want God se Woord het krag om alles te doen wat Hy spreuk. As God sê dat daar voëltjies is, dan sal Sy skeppende Woord voëltjies maak. As God sê dat Hy kan vlieg, dan sal Sy skeppende Woord Hom laat vlieg. Dit is hoekom die Bybel ons leer dat “geen ding sal by God onmoontlik wees nie” (Lukas 1:37). Dit beteken ook dat God nooit sal kan jok nie, want Sy Woord is skeppend. Ons woorde is nie skeppend nie. Dit was ook God se skeppende Woord wat die heelal geskape het. Genesis 1 teken aan hoe God gespreek het en “dit was so”. Sekere van God se voorspellende profesieë, soos gesien in die vorige les, “Hoofstuk 1 – Bestaan God Regtig?”, is bewys dat God se Woord skeppende krag het. Daardie vervulde voorspellende profesieë bewys nie net God se bestaan nie, maar bewys ook die skeppende krag van Sy Woord. Dit is ‘n feit dat daar ‘n God is wat bestaan en dat Sy Woord skeppende krag het.

Jou keuse

Aanvaar jy dat God se Woord skeppende krag het en dus altyd waar is?

Antwoord: _____



HOOFTUK 3

Lewe deur Geloof



Ons lewe in 'n interessante wêreld. Sommige dokters is voortdurend siek. Sommige fiksheid afrigters is onfiks en oorgewig. Sommige wiskunde-onderwysers kan nie 'n wiskunde eksamen deurkom nie. Wat 'n tragedie! Een van die redes vir tragedies soos hierdie is dat baie mense 'n teoretiese kennis oor iets het, maar nie hierdie teorie prakties toepas in daaglikse lewe nie. Wanneer die dokter verstaan wat om

te doen om gesond te bly, maar dit nie doen nie, dan sal hy siek word. Wanneer die fiksheid afrigter verstaan wat om te doen om fiks te bly, maar dit nie doen nie, dan sal sy onfiks bly. Wanneer die wiskunde-onderwyser verstaan hoe om die probleem op te los, maar nie die formule gebruik nie, sal Hy nie die probleem oplos nie.

In 'n vorige les (Hoofstuk 2 – Wat is Geloof?) het ons geleer wat die Bybel leer oor geloof. Geloof is om te verstaan dat God se Woord altyd waar is want God se Woord het skeppende krag om ditself te vervul.

1. Is slegs om te verstaan wat geloof is genoeg om God te behaag?

“die duiwels glo dit ook, en hulle sidder” (Jakobus 2:19)

NOTA: Die Bybel is duidelik dat self Satan en sy volgelinge (die vyande van God) verstaan wat geloof is. Hulle verstaan ook dat God bestaan en dat Sy Woord skeppende krag het. Hulle het God al self sien skep deur Sy Woord.

2. Wanneer ek verstaan dat God se Woord altyd waar is, want dit het skeppende krag, wat verwag God moet ek met hierdie kennis doen?

“Maar die regverdige sal uit die geloof lewe” (Romeine 1:17)

NOTA: God verwag dat Sy mense sal lewe volgens die kennis dat Sy Woord altyd waar is want dit het skeppende krag. God wil hê dat ons geloof moet beoefen en dan sal ons lewe hê.

3. Hoe leer Jesus ons om te leef?

“Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.” (Mattheus 4:4)

NOTA: Hier maak Jesus dit duidelik dat God se mense sal lewe volgens elke Woord wat God spreek. In Romeine 1:17 maak Paulus dit duidelik dat God se mense deur geloof sal lewe. Hierdie twee gedeeltes leer dieselfde beginsel. Onthou dat geloof is om te verstaan dat God se Woord altyd waar is omdat dit skeppende krag het. So word dit duidelik dat om deur geloof te lewe is om te lewe volgens elke Woord wat God spreek. Dit is belangrik om te weet dat Jesus het nie gesê dat ons sal lewe deur slegs elke Woord te verstaan wat God spreek nie. Jesus verwag dat ons sal lewe volgens elke Woord wat God spreek en dan sal Sy Woord vir ons lewe gee.

4. Watter tipe geloof het ons wanneer ons slegs verstaan dat God se Woord altyd waar is as gevolg van Sy skeppende krag, maar ons leef nie volgens daardie kennis nie?

“Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.”
(Jakobus 2:17)

NOTA: Die Bybel noem dit ‘n dooie geloof. As dit dooie geloof is, dan wat sal lewende geloof wees? Lewende geloof sal wees wanneer ons verstaan wat geloof is en ook volgens daardie kennis lewe.

5. Kan ons kies of ons deur geloof wil lewe of nie?

“Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag” (Deuteronomium 30:19)

NOTA: God het vir ons die vryheid van keuse gegee. Liefde is ‘n keuse en dit kan nie afgedwing word nie. God gee vir ons Sy Woord en leer ons dat as ons daarvolgens lewe dan sal ons lewe hê. Wanneer ons kies om te lewe volgens die Woord van iemand anders, dan sal ons sterf.

6. Wie anders moes gekies het om geloof in God se Woord te beoefen en te leef, of om te twyfel in Sy Woord en te sterf?

“En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe” (Genesis 2:16-17)

NOTA: Solank as wat Adam en Eva deur geloof geleef het, geleef het volgens elke Woord wat God spreek, sou hulle ewige lewe hê. God het hulle gewaarsku dat as hulle sou lewe volgens iemand anders se woord, dan sou hulle moes sterf. Om van die verbode boom te eet sou beteken dat hulle nie geloof in God se Woord beoefen nie.



7. Wat wil Jesus graag hê ons moet kies?

“Jesus sê vir hom: Wat dit betref—as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo.” (Markus 9:23)

NOTA: Jesus wil hê dat ons moet lewe volgens God se Woord. Die maan het nie vryheid van keuse nie. Wanneer God vir die maan beveel om om die aarde te draai dan sal die maan God se Woord gehoorsaam en om die aarde draai, want God se Woord sal dit die krag gee om so te doen. Maar God het mense geskape met die vryheid van keuse. Dit beteken dat Hy nie Homself in ons lewe sal indwing nie. Wanneer Hy vir ons Sy Woord gee, gevul met krag, dan sal daardie krag slegs beskikbaar wees wanneer ons kies om daardie Woord in ons lewe te aanvaar. Jesus het gesê, “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Mattheus 4:4). As jou vriend brood op die tafel neersit, dan kan jy kies of jy dit gaan eet of nie. As jy kies om dit te eet, dan sal jy die voedingswaarde van die brood ontvang. As jy kies om dit nie te eet nie, dan sal jy niks van daardie brood baat nie. Dit is hoe dit is met God se Woord. God maak Sy Woord beskikbaar vir jou, maar Hy dwing jou nie om daarvolgens te lewe nie. As jy kies om Sy Woord te aanvaar in jou lewe en dus daarvolgens te lewe, dan sal jy die krag van daardie Woord ontvang. As jy kies om nie daardie Woord te aanvaar nie, dan sal jy geen krag kry nie. Dit is nie die besit van brood wat jou versadig maak nie, maar die eet daarvan. Dit is nie die besit van God se Woord wat jou krag gee nie, maar dit is om volgens elke Woord te lewe omdat jy glo dat dit krag bevat om ditself te vervul in jou lewe wat jou die krag sal gee.

8. Watter belangrike lesse het Abraham en Sara geleer?

“Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. En hy het in die HERE geglo” (Genesis 15:5-6)



NOTA: Toe Abram meer as tagtig jaar oud was en geen kind gehad het nie, het God vir hom gesê dat hy ‘n seun sal hê. Abram het God se Woord aanvaar en geglo dat God se Woord sal skep wat gespreek was. Maar Sarai, sy vrou, het nie haar vertrouwe slegs op God se Woord gesit nie. Sy het haar eie plan gemaak om ‘n kind te kry. Sy het haar dienskneg vir Abram gegee, en die dienskneg het ‘n kind gehad. Maar God het nie hierdie as die beloofde kind gesien nie. God het Abram se naam verander na Abraham, en Sarai na Sara. God het vir Abraham en Sara geleer dat in die uitvoering van God se Woord sal niks behalwe vertrouwe in God se

Woord die belofte volbring nie. Ons eie planne bring net moeilikheid en vertraag God se beloftes. Maar toe Abraham 99 jaar oud was, en Sara 89, het hulle slegs die skeppende Woord van God vertrou vir die belofte van 'n kind. Alle werke, metodes en planne van hulle eie was verwyder en hulle het slegs deur geloof gelewe. God se Woord het ditself vervul en Isak, die beloofde seun, was gebore. “Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit belooft het.” (Hebreërs 11:11).

9. Abraham word die vader van geloof genoem. Hoekom is dit so?

“Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys” (Genesis 22:2)

NOTA: Abraham het Isak van God ontvang deur slegs God se Woord te vertrou. Na Isaac gebore was, het God Sy Woord bevestig, “want deur Isak sal daar vir jou 'n nageslag genoem word.” Genesis 21:12. En nou was Abraham beveel om Isak te offer as 'n brandoffer! Maar as Isak sou sterf, wat sou gebeur van die belofte van al die nakomelinge? Hoe kan Isak se nakomelinge soveel soos die sterre van die hemel wees as hy dood is? Hier moes Abraham die Woord van God vertrou asof teen die Woord van God.! En Abraham het dit gedoen, hoop teen hoop. Abraham het nie beveel dat God moet verduidelik hoe daar nakomelinge soos die sterre van die hemel sal wees as Isak dood is nie. Abraham het verstaan dat geloof is om te glo dat God se Woord altyd waar is omdat dit skeppende krag het, en Abraham het geleef volgens hierdie kennis. Abraham, Isak en sy diensknegte het drie dae gereis. Abraham het vir sy diensknegte gesê, “Bly julle hier met die esel; ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na julle terugkom” (Genesis 22:5). Wie sal gaan? “ek en die seun wil daarheen gaan.” En wie sal terugkom? “ek en die seun wil daarheen gaan... en dan na julle terugkom.” Abraham het verwag dat Isak saam hom terug sal kom so seker as wat hy saam met hom gegaan het. Hebreërs 11:17-19, “Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.” Abraham het verwag om Isak te offer as 'n brandoffer en dan vir Isak uit die as te sien kom om saam met hom terug te gaan. Hoekom? Want hy het geweet dat God se Woord belooft het dat sy nakomelinge, soveel as

die sterre van die hemel, in Isak genoem sal word. Abraham het geweet dat God se Woord nooit kan faal nie want dit het skeppende krag om ditself te vervul. God het 'n ander offer in Isak se plek voorsien, en Abraham en Isak het lewendig van die berg afgekrom. Dit is wat dit is om geloof te beoefen, en deur geloof te lewe, en dit is waarom ons Abraham as die vader van geloof ken.

10. Hoe lank neem dit vir geloof om te werk?

“en daar het 'n melaatse man gekom en voor Hom neergeval en gesê: Here, as U wil, kan U my reinig. Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan en sê: Ek wil; word gereinig! En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig.” (Mattheus 8:2-3)

NOTA: Geloof werk onmiddellik. Sodra jy die Woord van God aanvaar en volgens dit lewe, dan sal daardie Woord krag gee. Wanneer God 'n Woord spreek vir 'n spesifieke tyd in die toekoms dan sal daardie Woord ditself onmiddellik vervul wanneer die tyd aanbreek waarvan gespreek was.

“En 'n sekere man was daar, wat agt en dertig jaar aan sy siekte gely het. Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word? Die sieke antwoord Hom: Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander een voor my in. Jesus sê vir hom: Staan op, neem jou bed op en loop. En dadelik het die man gesond geword en sy bed opgeneem en geloop. En daardie dag was dit sabbat.” (Johannes 5:5-9)

NOTA: Weereens, geloof werk onmiddellik. Die siek man kon gesê, “Heer, as U my gesond maak, dan sal ek U Woord gehoorsaam.” Maar nee! Hy het Jesus se Woord geglo, geglo dat hy genees is, en hy het dadelik die poging gemaak. Hy het die poging gemaak om te loop, en hy het geloop. Die onmoontlike het moontlik geword, want hy het reageer op God se Woord, en God het die krag voorsien. Dit is wat dit beteken om deur geloof te lewe. Wanneer ons op God se Woord

reageer omdat ons verstaan dat Sy Woord skeppend is, dan laat ons daardie Woord toe om in ons te werk en die krag word deur God voorsien om daardie Woord te vervul. Moet nie wag om iets te sien, of iets te voel nie, maar reageer op die Woord en glo dat die Woord waar is, nie omdat jy dit sien of voel nie, maar omdat God dit gespreek het.



11. Is daar ander mense in die Bybel wat die onmoontlike gedoen het deur te lewe volgens hulle geloof?

“En toe die dissipels Hom op die see sien loop, word hulle ontsteld en sê: Dit is ‘n spook! En hulle het geskreeu van vrees. Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê: Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie. En Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom. En Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan.” (Mattheus 14:26-29)

NOTA: Dit is onmoontlik vir mens om op water te loop, maar God se Woord het dit moontlik gemaak toe Petrus die Woord van die Here geglo en gehoorsaam het. Petrus het verstaan dat God se Woord skeppende krag het en hy het volgens daardie kennis gelewe. Hy het nie gewag vir ‘n teken of ‘n gevoel nie, maar hy was gehoorsaam om Jesus die Woord gespreek het. Toe hy sy voete op die water sit het die Woord van God vir hom die krag gegee om op water te loop om die woord te vervul wat Jesus gespreek het “Kom!”

“En Jesus en sy dissipels was ook na die bruilof genooi. En toe daar wyn kortkom, sê die moeder van Jesus vir Hom: Hulle het geen wyn nie.

Jesus sê vir haar: Vrou, wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom nie. Sy moeder sê vir die dienaars: Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen. En daar het volgens die reinigingsgebruike van die Jode ses klipkanne gestaan, wat elkeen twee of drie ankers hou. Jesus sê vir

hulle: Maak die kanne vol water. En hulle het hul tot bo toe volgemaak. En Hy sê aan hulle: Skep nou uit en bring dit vir die hoofdienaar. En hulle het dit gebring. En toe die hoofdienaar die water proe wat wyn geword het—en hy het nie geweet waarvandaan dit was nie, maar die dienaars wat die water geskep het, het geweet—roep die hoofdienaar die bruidegom” (Johannes 2:2-9)

NOTA: Dit was omdat hulle Jesus se Woord gehoorsaam het dat hulle skeppende krag gesien het. As hulle nie volgens elke Woord geleef het wat y gespreek het nie, dan sou hulle nie die wonderwerk gesien het nie. Maar hulle het Hom gehoorsaam, nie omdat hulle iets gevoel of gesien het nie, maar hulle het slegs Sy Woord vertrou. Hierdie is die les wat Jesus kom leer het op aarde, dat ons die gawes wat God ons belowe het sal ontvang wanneer ons glo dat ons dit ontvang.


Opsomming

Geloof is om te verstaan dat God se Woord altyd waar is, want Sy Woord het skeppende krag. Maar om slegs die krag van God se Woord te verstaan gaan nie vir jou krag gee nie, net soos wat om 'n brood vas te hou jou nie versadig sal maak nie. Wanneer ons leef volgens God se Woord, sal Sy Woord die krag voorsien om Sy Woord waar te maak en ons sal Sy skeppende krag sien. God begeer dat ons sal kies om Sy Woord in ons lewe toe te laat en dus te leef volgens elke Woord wat uit Sy mond uitgaan. Ons het nie 'n teken of 'n gevoel nodig om Sy Woord te volg nie, maar ons tree op volgens Sy Woord, want ons weet dat Sy Woord altyd waar is en daarom sal Hy die krag voorsien. Vertroue in God se Woord sal lei tot die doen van daardie Woord.

Jou keuse

Is dit jou begeerte om te lewe deur geloof, om te lewe volgens elke Woord wat God spreek en so die skeppende krag van Sy Woord te ervaar?

Antwoord: _____



HOOFSTUK 4

Groot Geloof en Klein Geloof

In 'n vorige les, getiteld “Hoofstuk 2 – Wat is Geloof?”, het ons geleer dat geloof is om te verstaan dat God se Woord is altyd waar want Sy Woord het skeppende krag om ditself waar te maak. In die les getiteld “Hoofstuk 3 – Lewe deur Geloof”, is dit duidelik dat God wil hê dat Sy mense geloof moet beoefen, dit beteken, Hy wil hê dat Sy mense moet lewe volgens die waarheid dat Sy Woord altyd waar is. 'n Brood in jou hand sal jou nie vul as jy dit nie eet nie. 'n Begrip van God se Woord sal jou nie verander as jy dit nie toepas nie. Dit is deur geloof dat ons toelaat dat God se Woord ditself in ons lewe vervul, en as dit deur geloof is dat ons Hom behaag en dien, dan is dit baie belangrik dat ons ons geloof moet evalueer.



1. Hoe lyk groot geloof?

“En 'n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete. Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie. Toe kom sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan. Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel. Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my! Maar Hy antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie. En

sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval. Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af.” (Mattheüs 15:22-28)

NOTA: Jesus het gesê dat hierdie dame, wat nie 'n Israeliet was nie, maar 'n Kanaäniete, het groot geloof. Daar is net twee mense in die Bybel opgeteken wat 'n groot geloof gehad het. Sy het geglo in die skeppende krag van God se Woord. Daar is ook drie ander eienskappe wat hierdie dame gehad het:

(1) Sy vra iets vir iemand anders - haar dogter. Sy het ook behoeftes in haar eie lewe nie, maar sy het Jesus gevra om na die behoefte van iemand anders om te sien.

(2) Sy was vasbeslote om hulp te kry van Jesus. Sy roep na Jesus. Selfs nadat die dissipels Jesus gevra om haar weg te stuur en Jesus dit duidelik gemaak het dat hy 'n spesiale werk het om te doen vir die Israeliete, het sy steeds aangehou roep na Jesus vir hulp. Jesus het dit duidelik gemaak dat hy moes spesiale brood (Sy Woord) gee aan die kinders (Israeliete) en nie die honde (ander nasies) nie. Maar hierdie vrou was bereid om 'n hond genoem te word, solank sy hulp deur die Woorde van Jesus kon kry.

(3) Sy het nie waardig gevoel nie. Sy roep na Jesus om haar barmhartig te wees. Wat is barmhartigheid? Dit is om iemand beter te behandel as wat hulle verdien. Sy wou hê Jesus moes haar beter behandel as wat sy verdien en was bereid 'n hond genoem te word solank sy hulp kon kry by Jesus.

2. Wie anders in die Bybel het groot geloof gehad volgens Jesus?

“En nadat Jesus in Kapérnaüm ingegaan het, kom daar 'n hoofman oor honderd na Hom toe en smeek Hom en sê: Here, my kneg lê tuis verlam en hy ly hewige pyne. Daarop sê Jesus vir hom: Ek sal kom en hom gesond maak. En die hoofman oor honderd antwoord en sê: Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie; maar spreek net 'n woord, en my kneg sal gesond word. Want ek is ook 'n man onder gesag, en ek het soldate onder my. En vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy

gaan; en vir 'n ander een: Kom! en hy kom; en vir my dienskneg: Doen dit! en hy doen dit. Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom verwonder en aan sy volgelinge gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, selfs



in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie.” (Mattheüs 8:5-10)

NOTA: Jesus het gesê dat hierdie hoofman, wat ook nie 'n Israeliet was nie, maar 'n Romeinse burger, het groot geloof. Hy het geglo in die skeppende krag van God se Woord om ditself te vervul. Daar is drie ander eienskappe van hierdie hoofman:

- (1) Hy vra iets vir iemand anders - sy dienskneg. Hy het ook behoeftes in sy eie lewe nie, maar hy het vir Jesus gevra om die behoefte van iemand anders te voorsien.
- (2) Hy was vasbeslote om hulp te kry van Jesus. Hy smeek Jesus om sy dienaar help. Selfs al was hy 'n Romeinse-leier en Jesus 'n Jood, het hy nie omgee wat die mense rondom hom sou dink of doen nie. Hy was vasbeslote om hulp te kry van Jesus, maak nie saak wat gebeur het om hom of wat mense sou gesê het nie.
- (3) Hy het nie waardig gevoel nie. Hy het nie gevoel dat hy hulp verdien het van Jesus, of dat Jesus hom iets verskuldig nie. Toe Jesus die kneg genees het die hoofman dit gesien as 'n onverdiende gawe.

3. Hoe lyk klein geloof?

“Maar in die vierde nagwaak het Jesus na hulle gekom, al wandelende op die see. En toe die dissipels Hom op die see sien loop, word hulle ontsteld en sê: Dit is 'n spook! En hulle het geskreeu van vrees. Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê: Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie. En Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom. En Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan. Maar toe

hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my! En Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?”
(Mattheüs 14:25-31)

NOTA: Jesus het gesê dat Petrus, wat 'n Israeliet was, klein geloof beoefen het. Daar is drie eienskappe wat Petrus gehad het:

(1) Hy vra iets vir homself. Hy het nie Jesus gevra om iemand anders te help loop op water nie.

(2) Dit lyk nie of hy onwaardig voel nie. Hy bevraagteken die identiteit van Jesus en sê vir Hom wat om te doen, "Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom."

(3) In teenstelling met die Romeinse hoofman en Kanaänitiese vrou wat vasbeslote was om hulp te kry by Jesus maak nie saak wat rondom hulle gebeur nie, begin Petrus om Jesus se Woord te betwyfel toe hy fokus op self, die wind en die golwe.

4. Glo klein geloof dat God se Woord skeppende krag het om ditself te vervul?

“Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.” (Mattheüs 14:28)

NOTA: Ja! Klein geloof glo in die krag van God. Petrus het geglo dat as Jesus vir hom sê om te loop op die water dan sou hy in staat wees om dit te doen. Net omdat ons glo in die krag van God beteken nie dat ons groot geloof het nie!

5. Is klein geloof genoeg om op water te loop?

“En Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan. Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!”

(Mattheüs 14:29-30)

NOTA: Klein geloof is genoeg om soms op water te loop. Klein geloof vertrou God se Woord, maar wanneer die fokus skuif na self of probleme, dan begin klein geloof om God se Woord te betwyfel. Petrus het op die water geloop toe hy op God se Woord vertrou het, maar toe hy fokus op self, en die wind, het hy begin twyfel en God se Woord kon nie meer ditself in Petrus vervul nie. Klein geloof is nie 'n lekker lewe nie, want dit is 'n op en af ervaring. Baie Christene is soos Petrus: die een oomblik loop hulle op water saam met Jesus, en die volgende oomblik is hulle besig om te verdrink. 'n Groot geloof, soos dié van die Kanaänitiese vrou, is 'n meer konstante verhouding met Jesus, want dit vertrou altyd God se Woord en fokus nie op self of ongunstige omstandighede nie.

6. Wie anders het klein geloof gehad volgens Jesus?

“En toe sy dissipels na die oorkant gegaan het, het hulle vergeet om brode saam te neem. Daarop sê Jesus vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs. En hulle het onder mekaar geredeneer en gesê: Dit is omdat ons geen brode saamgeneem het nie. Maar Jesus het dit opgemerk en vir hulle gesê: Wat redeneer julle onder mekaar, kleingelowiges, dat julle geen brode saamgeneem het nie? Begryp julle nog nie, en onthou julle nie die vyf brode van die vyf duisend, en hoeveel mandjiesvol julle opgetel het nie? Of die sewe brode van die vier duisend, en hoeveel mandjiesvol julle opgetel het nie?” (Mattheüs 16:5-10)

NOTA: Hierdie keer was dit al die dissipels wat klein geloof gehad het. Jesus het probeer om die gesprek te verander na iets geestelik. Hy het probeer om aan hulle te preek, maar die dissipels het die gesprek terug geneem na letterlike brood. Klein geloof vind dit moeilik om na iets geestelik te luister wanneer daar 'n fisiese behoefte is. Die dissipels het ook nie brood nie omdat hulle vergeet het om brood saam te neem. Klein geloof het nie wat dit vandag nodig het nie, nie omdat God nie voorsien het nie, maar omdat klein geloof vergeet om te neem wat God reeds voorsien het. Jesus het reeds die 5000 gevoed met 5 brode en Hy het die 4000 gevoed met sewe brode, maar die dissipels was bekommerd oor waar hulle brood sou vind. Klein geloof vergeet maklik hoe God se Woord ditself vervul het in

die verlede. Sonder om getuienisse te deel oor hoe God se Woord ditself vervul het, of om dit neer te skryf, is dit maklik om God se wonderwerke te vergeet asof hulle nooit eers gebeur het nie.

7. Waaroor bekommer klein geloof?

“Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in ‘n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?”
(Mattheüs 6:25-30)



NOTA: Klein geloof verstaan die krag van God se Woord, maar dit bekommer oor oorlewing, kos en klere, selfs nadat dit verstaan dat God sorg vir diegene wat getrou aan Hom is. Probleme en uitdagings laat klein geloof vergeet van die beloftes van God se Woord.

8. Hoekom het Jesus vir Sy dissipels gevra waar hulle geloof was?

“En op een van daardie dae het Hy en sy dissipels in ‘n skuit gegaan; en Hy het vir hulle gesê: Laat ons oorvaar na die oorkant van die see. En hulle het weggevaar en terwyl hulle seil, raak Hy aan die slaap. Toe kom daar ‘n stormwind op die see af en die skuit het begin vol word, en hulle was in gevaar. En hulle het na Hom gegaan en



Hom wakker gemaak en gesê: Meester, Meester, ons vergaan! Hy staan toe op en bestraf die wind en die watergolwe, en hulle het bedaar en daar het ‘n stilte gekom. En Hy sê vir hulle: Waar is julle geloof? Maar hulle was bang en verwonderd en het vir mekaar gesê: Wie is Hy tog, dat Hy selfs die winde en die water gebied en hulle Hom gehoorsaam is!” (Lukas 8:22-25)

NOTA: Jesus het gesê: "Laat ons oorvaar na die oorkant van die see." Solank as wat hulle geloof beoefen in daardie Woord, sal dit ditself vervul. Maar toe hulle die stormwind op die see sien het hulle begin om te twyfel. Jesus het hulle gevra waar hulle geloof was, omdat hulle Sy Woord betwyfel het en gefokus het op die probleem. Hy bestraf toe die wind en die water, en dit bevestig aan hulle dat daar skeppende krag in Sy Woord is.

9. Waarvoor sal Jesus soek wanneer Hy terugkom?

“maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?” (Lukas 18:8)

NOTA: Terwyl baie mense sukkel om te bly loop op water omdat hulle klein geloof beoefen, is daar diegene wat nog nooit op water geloop het nie omdat hulle geen geloof beoefen nie. Die Seun van die mens is op soek na mense wat elke oomblik deur geloof lewe, en kan dus elke oomblik op water loop saam Jesus.

10. Wat het die apostels vir Jesus gevra?

“Toe het die apostels aan die Here gesê: Gee ons meer geloof”

(Lukas 17:5)

NOTA: Die dissipels moes skaam gevoel het dat hulle, as Israeliete, net klein geloof beoefen het terwyl die Romeinse hoofman en Kanaänitiese vrou groot geloof beoefen het volgens Jesus. Die dissipels het meer waarheid geniet as ander mense. Maar die dissipels het nie moed opgegee nie. Hulle het vir hulself gesien dat klein geloof is nie 'n lekker lewe nie. Hulle wou 'n groot geloof gehad het en dit is hoekom hulle Jesus gevra het om hul geloof te vermeerder.

Opsomming

Geloof is om te verstaan dat God se Woord altyd waar is, want Sy Woord het skeppende krag. God wil hê dat ons volgens hierdie waarheid moet leef.

Ons het die volgende oor **klein geloof** geleer:

1. Klein geloof lewe slegs partykeer volgens God se Woord. Klein geloof betwyfel soms God se Woord en fokus op self en probleme.
2. Klein geloof voel asof dit hulp verdien van Jesus. Dit dink, “Ek het hierdie gedoen vir God, so God moet daardie doen vir my.”

Ons het die volgende oor **groot geloof** geleer:

1. Groot geloof lewe altyd volgens elke Woord wat God se mond verlaat. Wanneer omstandighede verander, vertrou groot geloof nog steeds God se Woord.
2. Groot geloof voel nie waardig om deur God gehelp te word nie. Groot geloof sien alles wat van God afkom as onverdiende geskenke.

Die dissipels het baie waarheid gehad, maar min geloof. Die Romeinse hoofman en Kanaänitiese vrou het min waarheid gehad, maar groot geloof. Dit wys vir ons dat ons stand voor God hang nie af van die hoeveelheid waarheid wat ons ontvang nie, maar van die gebruik wat ons maak van die waarheid wat ons het. So diegene wat die bietjie waarheid volg wat hulle het is in 'n beter toestand as diegene wat baie waarheid het, maar nie daaglik lewe volgens daardie waarheid nie. Diegene wat voortdurend leef volgens al die waarheid wat hulle het word “getrou” genoem en het groot geloof. Dit is 'n goeie en lekker lewe. Diegene wie se Christelike ervaring nie konstant is nie, het min geloof. Dit is nie 'n lekker lewe nie. God begeer dat ons groot geloof sal hê en getrou sal bly.

Jou keuse

Evalueer jou geloof vandag, en kyk of jy groot geloof het, waar jy altyd leef volgens God se Woord, of klein geloof, waar jy net soms volgens God se Woord lewe. Is dit jou begeerte, soos die dissipels, om meer geloof hê?

Antwoord: _____



HOOFSTUK 5

Groei Jou Geloof

In 'n vorige les getiteld, "Hoofstuk 2 - Wat is Geloof?", het ons geleer dat om te verstaan wat geloof is, is om te verstaan dat God se Woord skeppende krag het en dus altyd waar is. In "Hoofstuk 3 – Lewe deur Geloof" het ons geleer dat om mense te leer om deur geloof te lewe is om hulle te leer om te lewe volgens die begrip van wat geloof is: verwag dat die Woord van God sal doen wat dit sê en maak staat op die Woord dat dit die ding sal doen wat deur dit gesprek is.



In "Hoofstuk 4 – Groot Geloof en Klein Geloof" het ons geleer dat klein geloof leef soms deur geloof, maar nie altyd nie. 'n Klein geloof is nie 'n aangename lewe nie. 'n Groot geloof leef altyd deur geloof en dit is 'n aangename lewe. In hierdie les, "Hoofstuk 5 – Groei Jou Geloof", sal ons leer hoe om geloof te kweek. Om geloof te kweek is om te groei in vertrouwe in die krag van God se Woord en om altyd staat te maak dat daardie Woord ditself sal vervul. Wanneer ons ons geloof kweek sal dit groei van klein geloof na groot geloof.

1. Wat verhoed die uitoefening van groot geloof?

“En Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy _____?” (Mattheus 14:31)

NOTA: Dit is onmoontlik vir God om te lieg (Titus 1:2). Wanneer klein geloof God se Woord betwyfel, beteken dit dat klein geloof glo dat dit moontlik is dat God kan lieg. Maar God kan nie lieg nie, want Sy Woord het skeppende krag. Daarom

wanneer klein geloof God se Woord betwyfel, dan betwyfel dit eintlik God se krag. Groot geloof twyfel nie, maar maak altyd staat op God se Woord.

2. Wat het die apostels vir Jesus gevra om te doen?

“Toe het die apostels aan die Here gesê:

Gee ons meer geloof” (Lukas 17:5)



NOTA: Jesus het vir Sy dissipels vertel van hulle klein geloof (Mattheus 8:26) en daarom is dit sinvol om Hom te vra om hulle geloof te vermeerder. Hulle het klein geloof gehad en soms staat gemaak op God se Woord, maar nie altyd nie. Hulle wou groot geloof hê sodat hulle altyd op God se Woord kon staatmaak. Om meer op God se Woord staat te maak om ditself te vervul, is om geloof te kweek.

3. Hoe het Jesus hulle geleer om hulle geloof te vermeerder?

“En die Here sê: As julle geloof gehad het soos ‘n mosterdsaad, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see geplant—en hy sou julle gehoorsaam wees.” (Luke 17:6)

NOTA: Baie mense verstaan nie hierdie woorde van Jesus nie. Hy het nie gesê "geloof SOVEEL soos 'n mosterdsaad" nie, maar hy het slegs gesê, "geloof soos 'n mosterdsaad". God se vyand, Satan, probeer om mense te mislei deur hulle te laat glo dat hulle tevrede kan wees met klein geloof. Maar Jesus het nie hier geleer dat ons geloof so klein moet wees soos 'n mosterdsaadjie nie. Jesus het geweet dat die mosterdsaad begin klein, maar eindig op as 'n groot boom - dit groei baie goed. Jesus het sy dissipels geleer hoe om klein geloof te laat groei na groot geloof. Hoewel die mosterdsaadjie so klein is, bevat dit nog steeds dieselfde lewens beginsel wat groei veroorsaak in die grootste boom. Wanneer die mosterdsaadjie in die grond is, neem dit hou van elke element wat God voorsien het en dit ontwikkel vinnig met 'n sterk en gesonde groei. Jesus wil hê dat ons geloof soos 'n mosterdsaadjie moet hê: 'n Geloof wat God neem op Sy Woord, en al die nuttige agentskappe opneem wat Hy aangestel het. Dit is hoe ons ons geloof moet vermeerder.

4. Wat anders, volgens Jesus, is belangrik om te verstaan wanneer jy jou geloof wil vermeerder?

“En wie is daar van julle wat ‘n dienskneg het wat ploeg of vee oppas, en as hy inkom van die veld vir hom sal sê: Kom dadelik hier aan tafel? Sal hy nie eerder vir hom sê nie: Maak vir my die aandete klaar en omgord jou en bedien my totdat ek geëet en gedrink het; en daarna kan jy eet en drink? Bedank hy daardie dienskneg, omdat hy gedoen het wat hom beveel is? Ek glo nie. So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.” (Lukas 17:7-10)

NOTA: Dit is belangrik om te verstaan dat God skuld ons niks nie. Maar ons skuld God alles. Ons behoort aan Hom deur skepping (Gen. 1:27) en ook deur verlossing (1 Korinthiërs 6:20). As ons alles perfek doen wat Hy ons beveel het, dan het ons slegs ons deel gedoen wat van ons verwag word. Ons kan nie meer doen as wat van ons verwag word en guns kry nie. Ons moet nie sê, "Here, ek het dit gedoen vir U, so U moet hierdie doen vir my" nie. Alles wat God vir ons doen is as gevolg van Sy genade - Hy behandel ons beter as wat ons verdien en gee ons gawes wat ons nie verdien nie.


5. Hoe kan ons seker wees dat ons optree in geloof?

“U woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad.” (Psalm 119:105)

“Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.” (Romeine 10:17)

NOTA: Geloof is om heeltemal afhanklik van God se Woord te wees vir die vervulling van wat daardie Woord sê. En so moet ons nooit vergeet dat waar daar geen Woord van God is nie, daar kan ook geen geloof wees nie. Romeine 10:17 stel dit duidelik dat geloof kom deur die Woord van God self, en dan waar daar

geen Woord van God is nie, kan daar geen geloof wees nie. As ons ons geloof wil vermeerder deur voortdurend te leef deur geloof, dan is dit belangrik om seker te maak dat ons slegs loop in die lig wat skyn uit God se Woord. Net God se Woord kan op staat gemaak word. Deur die uitoefening van geloof in Sy Woord sal jou geloof groei wanneer jy sien hoe Hy Sy beloftes vervul.



6. Hoe kan God se handeling in my verlede my help om vertroue in Sy Woord te kweek?

“wees dan nie bevrees vir hulle nie; dink gedurig aan wat die HERE jou God aan Farao en die hele Egipte gedoen het, die groot versoeking wat jou oë gesien het, en die tekens en die wonders en die sterke hand en die uitgestrekte arm waardeur die HERE jou God jou uitgelei het; so sal die HERE jou God aan al die volke doen vir wie jy bevrees is.”

(Deuteronomium 7:18-19)

“Ek dink aan die dade van die HERE” (Psalms 77:12)

NOTA: Deur te onthou hoe God se Woord ditself vervul het in die verlede gee ons die vertroue dat Sy Woord ditself weer in die toekoms sal vervul. Wanneer ons reeds iets gesien het, dan gee dit ons vertroue dat dit weer kan gebeur. Ons het niks om te vrees vir die toekoms nie, behalwe as ons vergeet hoe getrou God se Woord in die verlede was. Deur die getrouheid van God se Woord met ander te deel is 'n goeie manier om Sy krag te onthou.

7. Hoe kan andere my help om vertroue in die getrouheid van God se Woord te kweek?

“En baie van die Samaritane uit daardie stad het in Hom geglo oor die

woord van die vrou wat getuig het: Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.” (Johannes 4:39)

NOTA: Luister na getuienisse oor hoe God se Woord ditself in die lewe van ander vervul, en dit sal jou help om meer vertroue in Sy Woord te hê. God se Woord kan in jou lewe doen wat dit in ander se lewens gedoen het. Diegene wat praat oor vertroue in God se Woord kan jou aanmoedig om meer vertroue in Sy Woord uit te oefen. Diegene wat twyfel in God se Woord kan jy ontmoedig om vertroue in Sy Woord uit te oefen. As jy kies om te assosieer met mense wat betwyfeling aanmoedig, en nie vertroue in God se Woord nie, dan sal dit 'n negatiewe impak op jou geloof hê (2 Korinthiërs 6:14; 1 Korinthiërs 5:11).

8. Wat gebeur as ek struikel en val langs die pad?

“Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.” (Romeine 13:14)

“Want sewe maal val die regverdige en staan weer op” (Spreuke 24:16)

NOTA: Moet nie beplan om te misluk nie, maar as jy misluk, staan weer op. Toe Petrus getwyfel het en begin sink het, het hy na die Here geroep om hom te red.

9. Hoe vinnig kan geloof groei?

“Ons moet God altyd oor julle dank, broeders, soos dit billik is, omdat julle geloof grootliks toeneem” (2 Thessalonicense 1:3)

NOTA: Daar is niks bekend aan die mens wat so vinnig sal groei as geloof wat gekweek word nie.

Opsomming

Twyfel en ongeloof verhoed ons om groot geloof te beoefen. Om meer op God se Woord staat te maak, en dus minder te twyfel, is om ons geloof te vermeerder. Hier is 'n paar praktiese maniere uit hierdie les oor hoe om meer op God se Woord staat te maak om ditself te vervul:

1. Soos die mosterdsaadjie al die verskillende elemente wat God voorsien het vir dit om te groei opneem, so moet ons God se Woord en die verskillende agentskappe neem wat Hy ons gegee het om te groei in geloof. Ons moet seker wees dat alles ons aksies gebaseer is op die Woord van God. Soos ons geloof beoefen in Sy Woord, sal ons Sy wonderwerke sien soos Sy Woord ditself vervul. As God se Woord die bron van ons krag is, dan is daar geen rede om te twyfel nie, maar om te vertrou op iets anders vir krag laat baie rede oop vir twyfel.
2. Ons moet verstaan dat God ons niks skuldig nie, en ons Hom alles skuld. As ons alles doen wat Hy ons beveel het, dan doen ons slegs wat van ons verwag word. Ons kan nie meer doen as wat van ons verwag word nie. Alles wat ons van God ontvang is nie omdat ons dit verdien nie, maar omdat Hy ons beter behandel as wat ons verdien en ons geskenke gee wat ons nie verdien nie.
3. Om te dink aan hoe God se Woord ditself vervul het in die verlede gee ons vertroue dat God se Woord ditself weer sal vervul in die toekoms Wanneer ons God se wonderwerke in die verlede vergeet, dan is dit maklik vir ons om te twyfel. Deur God se wonderwerke in ons lewe met ander te deel is 'n goeie manier om dit te onthou.
4. Om te meng met mense wat ons aanmoedig om geloof te beoefen in God se Woord, en nie te twyfel nie, is ook 'n goeie manier om te leer om meet op God se Woord staat te maak. Wanneer ons luister na getuïenisse van wat God se Woord vir ander gedoen het, dan bemoedig dit ons dat God se Woord dieselfde kan doen vir ons.
5. In ons wandel met God moet ons nie beplan om te misluk nie. Maar as ons misluk, dan moet ons weer opstaan en opnuut ons getrouheid aan God se Woord bevestig.

Jou keuse

Is dit jou begeerte om jou geloof te vermeerder deur meer op God se Woord staat te maak, en op te hou twyfel?

Antwoord: _____



HOOFSTUK 6

God se Beeld



Het jy al ooit 'n groentetuin gesien? Miskien het jy jou eie. Wanneer 'n boer tamatieplantjies plant, watter vrugte verwag hy? Tamaties, natuurlik! As die boer appels wou gehad het, dan sou hy appelbome geplant het. Dit is deel van die tamatieplant se doel om tamaties te dra.

As dit nie hierdie doel vervul nie, dan word dit effens nutteloos.

Daar is baie maatskappye in die wêreld wat masjiene maak. 'n Maatskappy wat yskaste maak, maak dit so dat dit die kos sal koud hou wat daarin geplaas word. As 'n yskas nie kos koud hou nie, wie sal dit wil koop? As 'n yskas nie sy doel vervul nie, dan word dit nutteloos.

1. Wat is die hoofdoel vir die bestaan van die mens?

“elkeen wat na my Naam genoem is en wat Ek geskape het tot my eer, wat Ek geformeer, wat Ek ook gemaak het.” (Jesaja 43:7)

“En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.” (Genesis 1:27)

NOTA: Die mens is nie gemaak om hulself te verheerlik nie, maar om God alleen te verheerlik. Die mens is nie geskape om hulself bekend te maak nie, maar om God alleen bekend te maak. God se karakter en wet is liefde (1 Johannes 4:8) en dit is die doel van die mensdom om God se karakter aan die heelal te openbaar. Prediker 12:13 leer ons ook dat dit is die doel van die mens om eer aan God te gee deur volgens Sy Woord te leef.

2. Het God die eerste mense geleer hoe om te lewe, en hoe om te sterf?



“En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe” (Genesis 2:16-17)

NOTA: Die Woord van God was die lewe en die gids van die mensdom. God het vir hulle die weg geleer om te wandel as hulle wou leef, en ook die weg om nie te wandel nie as hulle nie wou sterf nie. God het hulle geleer dat die enigste manier om lewe te hê is deur geloof. Wat is geloof? In ‘n vorige les, “Hoofstuk 2 – Wat is Geloof?”, het ons geleer dat geloof is om te verstaan dat God se Woord altyd waar is want dit het skeppende krag. Solank as wat die mens geleef het deur geloof in God se Woord, sou hulle God verheerlik. Solank as wat hulle geloof in God se Woord gehad het om nie van die boom te eet nie, sou hulle geleef het. Hulle sou God bekend maak aan almal omdat die beeld van God in hulle weerspieël sou word.

3. Wanneer woon God in die mens?

“Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.” (Johannes 14:23)

“As julle in My bly en my woorde in julle” (Johannes 15:7)

NOTA: Toe God die eerste mense geskape het in die tuin het Hy in hulle gewoon deur Sy Woord. Solank as wat hulle geloof in Sy Woord gehad het, het hulle Sy karakter weerspieël en Sy denke gehad. As God hulle beveel het om iets te doen, dan het hulle dit gedoen. As God hulle beveel het om nie iets te doen nie, dan het hulle dit nie gedoen nie. Die hele heelal het God se karakter gesien in die mensdom.

4. Hoe illustreer die verhouding tussen 'n man en 'n vrou die verhouding tussen God en die mensdom?



“Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vrou dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vrou liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het” (Efesiërs 5:22-25)

NOTA: Die Bybel leer ons dat die man is die hoof van die huis, en Christus is die hoof van die kerk (dit word ook Sy vrou genoem in Openbaring 19:7). Wanneer die huis 'n besluit moet neem, sal die finale besluit geneem word deur die man. Hy sal hierdie besluit neem in liefde en vir die beste belang van sy huis en hy sal ook verantwoordelikheid vir die besluit neem. Om hierdie rede, moet die vrou haarself vrywilliglik onderwerp aan haar man. Die Bybel leer ons ook hierdie beginsel in 1 Petrus 3:1. Christus is ook die hoof van die kerk en dus het die kerk nodig om haarself vrywilliglik te onderwerp aan God se Woord.

“Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.” (Genesis 2:24)

NOTA: Wanneer die man die hoof van die huis is en die vrou in vrywillige onderdanigheid is, dan sal hulle werklik een wees. Selfs al is hulle nog twee persone, sal hulle een in doel en strewe word. Die huis sal verenig wees. Wanneer die vrou kies om haarself nie te onderwerp aan haar man nie, dan is die huis nie meer verenig nie en die doel en werk van die huis sal verdeeld word. As die vrou haarself gewillig onderwerp aan haar man, dan is sy die heerlikheid van haar man (1 Korinthiërs 11:7). Op dieselfde wyse sou die mensdom God se heerlikheid weerspieël, solank die mensdom vrywilliglik onderworpe was aan God se Woord. Neem dit vryheid weg? Nee! Slegs vrywillige onderdanigheid sal werk. In Johannes 17:21 wil Jesus hê dat ons een moet wees met God. Net soos die man

en vrou verenig kan wees in doel en strewe deur onderdanigheid van die vrou aan die man, so kan God en die mensdom verenig wees in doel en strewe deur onderdanigheid van die mens aan God.

5. Wat as Adam en Eva, die eerste mense, sou besluit om iemand anders se woord te volg?

“Weet julle nie dat aan wie julle julsself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie” (Romeine 6:16)

NOTA: Solank as wat Adam en Eva hulself vrywilliglik onderwerp aan God se Woord sou hulle Hom verheerlik en die doel vir hulle bestaan vervul. As hulle hulself skei van God, dan sal Sy beeld nie meer in hulle weerspieël word nie. Sodra hulle nie meer God se Woord volg en Sy beeld reflekteer nie, dan sou hulle volgens Romeine 6:16 iemand anders se beeld reflekteer. Iemand sou steeds in hulle geopenbaar en verheerlik word. Wie sou dit wees? Dit sou afhang van wie se woord gehoorsaam word

“en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde” (Romeine 14:23)

NOTA: Onthou dat geloof is om te verstaan dat God se Woord altyd waar is want dit het skeppende krag. Nie iemand anders se woord nie, maar slegs God se Woord. Die oomblik as Adam en Eva sou kies om te lewe volgens die woord van iemand anders, sou hulle nie meer deur geloof lewe nie. As daar geen Woord van God is nie, dan kan daar geen geloof wees nie. Hulle sou nie meer God se heerlijkheid reflekteer nie, maar die heerlijkheid van iemand anders. Daarom is dit maklik om te verstaan dat om te lewe deur geloof is die enigste manier om God te eer en Sy karakter te reflekteer. Die enigste manier om die doel vir ons bestaan te vervul is om deur geloof te lewe. As ons God se Woord betwyfel dan kan ons nie die doel vir ons bestaan vervul nie. Dit word dan ook eenvoudig om te verstaan wat sonde is: Wanneer God iets sê, en ons leef nie volgens daardie Woord nie, dan lewe ons in sonde. Romeine 6:23 maak dit duidelik dat die loon van die sonde is die dood, omdat die wat lewe in sonde nie die doel vir hulle bestaan vervul nie. Om deur geloof te lewe is om te lewe volgens elke Woord wat God spreuk.

6. Hoe was die mensdom van God geskei?

“Toe sê die slang vir die vrou:
Julle sal gewis nie sterwe nie;
maar God weet dat as julle
daarvan eet, julle oë sal
oopgaan, sodat julle soos God
sal wees deur goed en kwaad
te ken” (Genesis 3:4-5)



NOTA: As Eva op haar eie sou wegdraai van God se Woord en haar eie woord volg, dan sou dit haarself wees wat sy eer. Maar dit was nie so nie. Eva het nie haar eie woord gevolg nie, en ook nie die Woord van God nie, en so het sy eer gegee aan die een wie se woord sy gevolg het. Genesis 3:4-5 maak dit duidelik dat Satan se woord geglo en gevolg was, bo die Woord van God, en dit beteken dat Satan se wil aanvaar was in plaas van die wil van God. Dit was nie God wat in Adam en Eva gereflekteer was nadat hulle gesondig het nie, en dit was ook nie hulself nie. Dit was Satan se beeld wat in Adam en Eva gereflekteer was nadat hulle gesondig het. Hulle moes kies tussen geloof in God se Woord, of Satan se woord. Dit was ‘n saak van geloof.

7. Wat het geword van die menslike verstand na sonde ons wêreld ingekom het?

“omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is” (Romeine 8:7)

NOTA: Nou het Adam en Eva die wil van God se vyand, Satan, gehad. Adam en Eva kon slegs aan hulle kinders gee wat hulle gehad het: ‘n sondige natuur. Adam se kinders het by geboorte ook die wil van Satan nagevolg, en nie die karakter van God nie. “Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, het hy ‘n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem.” (Genesis 5:3).

8. Na hulle sonde, hoe het Adam en Eva opgetree teenoor God?

“En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg” (Genesis 3:10)

NOTA: Adam het vir God weggekruip. Selfsug het die plek van liefde in sy hart geneem. Voor sonde het hy vreugde in die Here se teenwoordigheid ervaar, maar na sonde kon hy geen meer vreugde in God se heiligheid vind nie.

Adam en Eva was nie meer gelukkig in God se teenwoordigheid nie. Adam en Eva sou nou Satan eer en sy woord volg. Adam en Eva het nie meer die doel vir hulle bestaan vervul nie en het die loon van die sonde verdien – dood.



9. Hoekom het God nie onmiddellik vir Adam en Eva doodgemaak nie?

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” (Johannes 3:16)

NOTA: Die wonderlikste plan wat die heelal nog ooit gesien het was in werking gestel – die plan van verlossing. Dit is God se plan om die mensdom van die mag, skuld en loon van sonde te red. 1 Petrus 1:12 leer vir ons dat die plan oor hoe God Sy beeld in die mens wil herstel bevat “dinge waarin die engele begerig is om in te sien”

Opsomming

Om deur geloof te lewe is om te lewe volgens die kennis dat God se Woord altyd waar is, want Sy Woord het skeppende krag. Om deur geloof te lewe stel ons in staat om die doel vir ons bestaan te vervul deur God se karakter van liefde aan die heelal te toon. Wanneer ons onself onderdanig maak aan God se Woord, dan word ons een met Hom in wil en doel. Wanneer jy kies om iemand se word te volg, dan reflekteer jy daardie persoon se karakter. Wanneer ons nie lewe deur geloof in God se Woord nie, maar lewe volgens die woord van iemand anders, dan sondig ons en vervul nie die doel vir ons bestaan nie. Sonde is die oortreding van God se Wet of Woord (1 Johannes 3:4). Hulle wat nie deur geloof lewe nie vervul nie die doel vir hulle bestaan nie en sal sterf (Romeine 6:23). Adam en Eva het gesondig deur die word van Satan te glo en dus sy beeld en karakter te reflekteer. Hulle was nie meer gelukkig in God se teenwoordigheid nie. God het die wonderlikste plan wat die heelal nog ooit gesien het in werking gestel om die beeld van God in die mensdom te herstel.

Jou keuse

Is dit jou begeerte om jouself aan God se Woord te onderwerp en deur geloof te lewe sodat jy God kan verheerlik, Sy beeld weerspieël en so een met Hom kan wees in wil en doel?

Antwoord _____



HOOFSTUK 7

Die Krag van Sonde



Jesus het gesê, “my juk is sag en my las is lig” (Mattheus 11:30). Dit moet waar wees, want in 'n vorige les, "Hoofstuk 2 - Wat is Geloof?", het ons geleer dat dit onmoontlik is dat God sou lieg, want Sy Woord het skeppende krag. Baie mense wat Christene is ondervind nie Christus se juk sag en Sy las lig nie. Hulle vind dit moeilik om God se geboorte te gehoorsaam en daar is geen vreugde in hulle Christelike lewe nie. En die

rede hiervoor is dat hulle nie die regte berekening maak ten opsigte van die vyand wat oorkom moet word nie. Jesus het gesê, "Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning slag te lewer, gaan nie eers sit en beraadslaag of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie? Anders stuur hy 'n gesantskap as die ander een nog ver is, en vra vredesvoorwaardes" (Lukas 14:31-32). Ten einde 'n vyand te oorkom is dit nodig om die krag van die vyand te weet en ook die krag wat nodig is om die vyand suksesvol te oorkom.

1. Wat is die vyand wat Christene in die gesig staar?

“Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.” (Psalm 51:5)

“want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” (Romeine 3:23)

NOTA: Dawid maak dit duidelik dat ons gebore word met 'n sondige menslike natuur. Wat beteken dit? In die vorige les, "Hoofstuk 6 – God se Beeld", het ons geleer dat Adam en Eva gesondig het deur gehoorsaam te wees aan die woord van iemand anders, eerder as om gehoorsaam te wees aan die Woord van God. As gevolg van hierdie besluit het Adam en Eva nie meer God se heerlijkheid weerspieël nie, maar die



heerlikheid van Satan. Selfsug het die plek van liefde in hul harte geneem. Hulle was een in gedagte en doel met Satan. Hulle het nie meer vreugde gevind in God se teenwoordigheid nie. Toe hulle kinders gehad het, kon hulle net vir hul kinders gee wat hulle gehad het, en so was hul kinders gebore met 'n hart wat Satan wou verheerlik (Genesis 5:3). Dit beteken nie dat ons gebore word met sonde op ons naam nie, maar dit beteken dat ons gebore word met 'n hart wat Satan wil eer, en vind daarom vreugde in sonde. Sodra ons begin om besluite te neem, sal ons sonde doen. God se doel vir ons is om Sy heerlijkheid te weerspieël deur Sy Woord te volg. Romeine 3:23 maak dit duidelik dat dit sonde is wat ons daarvan weerhou om God se heerlijkheid te weerspieël en daarom is sonde die vyand

2. Wat leer die Bybel oor die hart by geboorte?

“Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?”
(Jeremia 17:9)

NOTA: Die wêreld se raad om jou hart te volg is nie goeie raad nie. Ons almal se harte is goddeloos volgens God. Ons is gebore met 'n sondige menslike natuur wat 'n welbehae vind in sonde. En die probleem is nie soseer dat mense nie erken dat hulle verkeerd gedoen het nie. Baie sal erken dat hulle verkeerd gedoen het en dat hul hart en siel wil doen wat verkeerd is. Die probleem lê egter in 'n gebrek om die krag van sonde te erken - die krag van hul gedagtes om sonde te volg. Hulle dink dat hulle beter kon doen as omstandighede beter was: 'n beter familie, beter kerklidmate, ens. Maar dit is nie iets buite ons wat ons verhinder om Christene te wees nie, maar dit is die krag van sonde wat in die hart is wat ons verhinder om Christene te wees.

3. Kan ons ons harte verander?

“Ag, kon maar ‘n reïne voortkom uit ‘n onreïne—nie een nie!” (Job 14:4)

“Kan ‘n Kusiet sy vel verander of ‘n luiperd sy vlekke? Dan sal julle ook in staat wees om goed te doen, julle wat gewend is om kwaad te doen” (Jeremia 13:23)

NOTA: Ons harte is sleg, en ons kan dit nie verander nie. As 'n luiperd sy vlekke kan verander, dan kan ons ons harte verander van sleg na goed. Onderrig, kultuur, die uitoefening van die wil en menslike kragte het almal hul regmatige plek, maar hier is hulle



magteloos. Ons kan 'n uiterlike gedrag produseer wat korrek lyk, maar dit sal nooit uit die hart kom nie en daarom kan dit nie blydschap gee nie. Dit is heeltemal moontlik om 'n uiterlike, korrekte gedrag vir selfsugtige redes te hê. Ons kan nie die hart, die fontein van ons lewe, suiwer nie. Wanneer die sondige hart probeer om God se Woord te volg, sal dit altyd misluk. Dit mag dalk weer probeer, en dit sal weer misluk. En omdat dit so baie misluk, sal dit begin om sonde te verskoon en probeer om vrede in daardie ervaring te vind.

4. Hoe verduidelik Paulus die krag van sonde?

“soos die sonde geheers het in die dood” (Romeine 5:21)

NOTA: Om te heers is "om vas te hou en soewereine krag uit te oefen;" "om die invloed van 'n bevelvoerder uit te oefen; oorheers; om beheer uit te oefen; beheer as deur reg of oormag;" "om onweerstaanbaar die oorhand te hê; bestaan wyd of tot die uitsluiting van iets anders." Dit is wat die Woord van God, wat nie kan lieg nie, sê dat sonde doen in die mens en met die mens. Tot daardie feit erken word, kan niemand gered word van die krag van sonde nie. Tot die probleem erken en bely word, sal niemand soek vir 'n oplossing nie.

5. Met wat vergelyk Paulus die krag van sonde?

“maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.” (Romeine 7:14)

NOTA: Paulus tref ‘n vergelyking met die Romeinse stelsel van slawerny. In hierdie tye was slawe gekoop gewees en die meester het volkome beheer oor die slaaf gehad. Die meester het absolute mag in alles gehad, selfs oor die lewe van die slawe. Die eienaar kon sy slaaf martel tot die dood, en niemand kon dit bevraagteken nie. Die regering het bevestig dat die eienaar absolute besit en beheer het oor die een wat hy met sy geld gekoop het. So maak die Bybel dit duidelik dat ons slawe van die sonde is.



6. Wat het Jesus gesê oor die krag van sonde?

“Jesus antwoord hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, ‘n dienskneg van die sonde is.” (Johannes 8:34)

NOTA: Die Griekse woord vir "dienskneg" is "doulos", en beteken "'n gebore slaaf." Dit is nie net 'n mens wat 'n slaaf geword het nie, maar 'n mens wat as 'n slaaf gebore is. Jesus leer ons dat ons gebore word as slawe van sonde. Sonde het absolute mag en beheer in alle dinge oor diegene wat slawe daarvan is. Jesus het dit duidelik gemaak in Matteus 7:18 dat 'n slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie. Dit is net so onmoontlik vir 'n slaaf van sonde om 'n goeie daad te doen, as wat dit is vir 'n doringbos om druiwe voort te bring. Jesus sê in Matteus 6:24 "Niemand kan twee here dien nie." Jesus sê nie dat die mens nie wil of nie sal twee here dien nie, maar dat die mens nie kan nie. Wanneer ons verstand aan God behoort, gee Hy ons die vryheid van keuse. Maar wanneer ons verstand vasgevang is deur Satan, het hy absolute mag en gee ons nie die vryheid om te kies of ons hom wil dien nie.

7. Wat is die ervaring van 'n slaaf van sonde?

“Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek. Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.” (Romeine 7:15, 18-19)

NOTA: Hoekom is dit dat 'n mens die onheil doen wat hy haat? Hoekom is dit dat hy nie die goeie dinge doen wat hy wil nie?

“Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon.” (Romeine 7:20)



NOTA: Die slaaf van die sonde mag dalk nie ongehoorsaam aan God wil wees nie, maar die sonde wat in die slaaf woon veroorsaak dat die slaaf ongehoorsaam sal wees. Selfs wanneer die slaaf goed wil doen, dan hou die sonde wat in die slaaf woon hom terug, en sal nie toelaat dat die slaaf goed doen nie. God se Woord maak dit duidelik dat sonde het absolute mag oor ons verstand. “Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie” (Romeine 8:7). Dit is waarom baie mense dit moeilik vind om God se gebooie te gehoorsaam en daar geen vreugde in hulle Christelike lewe is nie. Dit is ook die rede waarom baie mense van groot wêreldgodsdienste saamstem met wat hulle godsdienstige leiers hulle leer, en wil dit volg, maar die hart wil nog steeds doen wat verkeerd is. Die hart is nog steeds sleg en boos en hulle is nog steeds slawe van die slegte gewoontes in hul lewens.

8. Geniet die sondige mens dit om te luister na God se Woord?

“Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.” (1 Korinthiërs 2:14)

9. Is daar bevryding van hierdie absolute slawerny?

“Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!” (Romeine 7:24-25)

NOTA: God se Woord sê dat daar verlossing is so seker as wat daar slawerny is.

Opsomming

Almal van ons is gebore as hulpelose slawe van sonde en weerspieël nie God se karakter nie. Dit is onmoontlik vir ons om ons harte te verander. Hoekom? Sonde het soewereine, absolute krag oor ons lewens. Ag, as mense net wil besef dat dit maak nie saak hoe hard jy probeer nie, jy kan nooit jouself verhoed om sonde te doen en God se Woord begin gehoorsaam nie. Daar is gewaarborgde mislukking vir diegene wat probeer om sonde in hul eie krag te oorkom. Dit is nie iets buite ons, of rondom ons, wat ons kan verhinder om Christene te wees nie, maar slegs die sonde in ons. Solank ons nie die krag van sonde erken en bely soos die Woord van God dit verklaar nie, kan ons nie die krag van God verstaan soos die Woord van God dit verklaar nie. Solank ons die volledige soewereiniteit van die krag van sonde nie erken nie, kan ons die volledige soewereiniteit van die krag van God nie verstaan nie. Almal wat die absolute krag van sonde in hulle lewens erken en bely en hul volslae magteloosheid om dit te bowe te kom, hulle kan gered word van die slawerny van sonde. Want daar is bevryding van hierdie krag. Daar is verlossing so volledig as die aanhouding, en daar is vryheid so absoluut soos die slawerny.



Jou keuse

Is jy bereid om te erken en bely dat ons almal gebore word as heeltemal hulpelose slawe van sonde, en dat sonde soewereine, absolute krag oor ons lewens het wat onmoontlik is om te weerstaan deur ons eie krag?

Antwoord: _____

HOOFTUK 8

Vry van Sonde

Daar is 'n paar dinge wat onmoontlik is vir mense om te kan doen. Daar word gesê dat dit onmoontlik is om jousef te kielie. Dit is ook gesê dat dit onmoontlik is om jou been in 'n kloksgewyse sirkel te beweeg en terselfdertyd 'n "6" te teken met die hand. En dit is ook onmoontlik om jou neus heeltemal toe te maak en "Mmmm" te sê vir langer as 15 sekondes. Na 'n paar pogings, kan hierdie moontlik word. Maar in die vorige les, getiteld "Hoofstuk 7 – Die Krag van Sonde", het ons geleer dat ons as slawe van sonde gebore word en kan daarom slegs sonde doen. Daar kan uiterlike gehoorsaamheid wees, maar nooit gehoorsaamheid uit die hart nie. Dit is onmoontlik vir ons om ons harte te verander. Maak nie saak hoe hard ons probeer nie, 'n slaaf van sonde kan nooit die Woord van God gehoorsaam nie. Die goeie nuus is dat die Bybel ons leer dat daar verlossing van die slawerny van sonde is (Romeine 5:21).



1. Hoekom is Jesus se wonderwerke in die Bybel opgeteken?

“maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.”
(Johannes 20:31)

2. Wat was die belangrikste les wat Jesus geleer het deur Sy wonderwerke?

“Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe—sê Hy vir die verlamde man: Ek sê vir jou: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.” (Markus 2:10-11)

NOTA: Jesus het mense van hulle siektes genees en baie wonderwerke gedoen wanneer mense geloof gehad het in die kreatiewe krag van Sy Woord. Jesus het hulle gehelp met die dinge wat hulle kon sien, en hulle so geïnspireer om vertroue in Sy Woord te beoefen met betrekking tot alles wat hulle nie kon sien nie – om te glo in Sy vermoë om sondes te vergewe. Wanneer Jesus ons sondes vergewe, dan sal ons lewe ontvang deur Sy naam.

3. Wat was Jesus se missie?

“en sy sal ‘n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” (Mattheus 1:21)

NOTA: Jesus het gekom om mense te red van hulle sondes en hulle te bevry van die slawerny van sonde. Deur die eenvoudige Bybel verhale van hoe Jesus die siekes genees het, kan ons iets leer oor hoe om te glo in Hom vir die vergifnis van sondes. Toe Christus die verlamde beveel om te loop, kon die verlamde gewag het vir ‘n teken of ‘n gevoel. Maar nee! Die verlamde het geglo in die Woord van Christus. Hy het geglo dat hy gesond was, en het dadelik ‘n poging gemaak om te loop. Hy wou loop, en hy het geloop. Hy het gereageer op die Woord van Christus, en God het die krag gegee. Hy was genees. Ons mag dalk nie verlam wees nie, maar daar is ‘n probleem wat die hele mensdom het: Ons is almal gebore as slawe van sonde. Ons kan nie ons sondes wegneem nie, ons kan nie ons harte verander nie en ons kan God se Woord nie volg nie. Maar Christus het die verlamde genees om ons te leer hoe Hy ons sal red van die slawerny van sonde.

4. Hoe wil Jesus ons red van die slawerny van sonde?

“Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as

iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” (Johannes 3:3)

NOTA: Ons word gebore in hierdie wêreld as slawe van sonde. Christus leer wanneer ons weer gebore word sal ons deel van Sy koninkryk wees. Slegs hulle wat vry van sonde is sal Sy koninkryk sien (1 Korinthiërs 6:9). Dus is dit maklik om te verstaan dat hulle wat weer gebore is, is vry van sonde. Hulle dien nie meer sonde nie.

5. Wat sal ons ontvang wanneer ons weer gebore word?

“ En Ek sal julle ‘n nuwe hart gee en ‘n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ‘n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.” (Esegiël 36:26-27)



NOTA: Wanneer ons weer gebore word sal ons ‘n nuwe hart ontvang. God stel dit duidelik dat hierdie hart sal ons in staat stel om Sy Woord te gehoorsaam. Ons sal vry wees van sonde, en ons sal kan doen wat reg is.

“en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here” (Romeine 5:20-21)

NOTA: Ons sal ‘n hart ontvang waar genade heers, en nie sonde nie. Genade sal meer oorvloedig wees as sonde omdat daar meer krag in genade is as in sonde. Omdat genade van God kom, en sonde van Satan, is dit maklik om te verstaan dat genade meer krag as sonde het net soos wat God meer krag as Satan het. In die vorige les, “Hoofstuk 7 – Die Krag van Sonde”, het ons geleer dat daar is krag in

sonde om oor die mens te heers en die mens as slaaf te hou. En net so sekerlik is daar ook krag in genade om oor sonde te heers, en die mens onder genade te hou teen die krag van sonde. As die heerskappy van sonde absoluut was, sal die heerskappy van genade ook absoluut wees. Dit is hoekom dit belangrik is om eers die absolute krag van sonde te verstaan, sodat ons die absolute krag van genade kan verstaan. Aan almal wat weer gebore word belowe God om 'n nuwe hart te gee wat vry sal wees van sonde, en slegs geregtigheid sal dien, net soos die ou hart vry van geregtigheid was en slegs sonde kon dien. Waar sonde geen vryheid gegee het nie, gee God vryheid. Daarom sal geregtigheid slegs heers solank as wat ons onself onderwerp aan God se Woord en leef volgens elke Woord van God.

6. Hoe kan ons hierdie nuwe lewe vanaf God ontvang?

“want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.” (1 Petrus 1:23)

NOTA: Op dieselfde manier wat die blinde man sig ontvang het van Jesus, sal ons 'n nuwe hart ontvang van God. Net soos wat God se Woord vir die verlamde beveel het om te loop, so het God se Woord belowe om 'n nuwe hart te skep. As ons die belofte glo – glo dat Hy vir ons 'n nuwe hart sal gee wat vry is van sonde – dan maak God dit 'n feit. Ons sal 'n nuwe hart ontvang, net soos wat Christus die verlamde krag gegee het om te loop toe die man geglo het dan hy genees was. Dit is so as jy dit glo. Dit is wat ons geleer het in die lesse “Hoofstuk 2 – Wat is Geloof?” en “Hoofstuk 3 – Lewe deur Geloof”. Deur geloof te beoefen in God se Woord sal Hy 'n nuwe hart in ons skep. Ons moet nie wag om te sien of voel dat ons hierdie nuwe hart het nie, maar sê, “Ek glo dit; dit is so, nie omdat ek dit voel nie, maar omdat God dit belof het.”

7. Wat is die Woorde wat ons moet glo as ons hierdie nuwe hart wil kry?

“maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn. Want as

ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.” (Romans 5:8-10)

NOTA: Die enigste manier om vry te wees van die slawerny van sonde is om te sterf. Maar Christus wil ons lewend hê. Die grootste demonstrasie van liefde wat die heelal nog ooit gesien het is die Skepper wat Sy lewe geoffer het vir die mensdom. Almal wat hierdie offer aanvaar sal verlos word van sonde deur Jesus se bloed. Diegene wat hierdie offer aanvaar behoort dus nie meer aan sonde nie, maar hulle behoort aan Christus. Dit is waarom Christus sonde kan vergewe. Wat beteken “vergewe”? Die woord “vergewe”



bestaan uit “vir” en “gee”, of “gee vir”. Om te vergewe is eenvoudig om te gee vir. Christus kan sonde vergewe, omdat Hy gee vir sonde. Wat gee Christus vir sonde? Hy het Sy regverdige lewe gegee vir sonde. Wanneer Christus vergewe, dan gee Hy geregtigheid vir sonde. Diegene wat Christus se dood aanvaar in hulle plek ervaar vergifnis. Christus neem ons sondige lewe, waarvoor Hy gesterf het, en gee dan vir ons Sy lewe van geregtigheid. Dit is waarom die Bybel die volgende leer:

“Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20)

NOTA: Dit lees nie, “Ek wil met Christus gekruisig wees” nie. Dit lees ook nie, “Ek wens ek was met Christus gekruisig, sodat Hy in my kan lewe” nie. Dit lees, “Ek is met Christus gekruisig.” Dit is Christus was in ons sal woon wanneer ons lewe volgens elke Woord van God. In a vorige les, “Hoofstuk 5 – God se Beeld”, het ons gesien dat om deur geloof te lewe in God se Woord sal God se karakter in ons reflekteer. Dit is die doel van ons bestaan.

“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel... aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.” (Romeine 6:3-4, 6)

NOTA: Hulle wat geloof beoefen in God se Woord sal nie meer sonde doen nie, want hulle is dood vir die sonde (Romeine 6:11). Hulle kan nie leef in iets waarin hulle dood is nie, maar sal die karakter van God reflekteer, want hulle leef vir geregtigheid. Solank as wat geloof beoefen word in God se Woord, sal Christus in ons woon. Christus se lewe en dood gee nie net vergifnis vir die verlede nie, maar ook krag vir die toekoms. Christus wandel in Sy mense deur die grootste en kosbare beloftes in Sy Woord en Sy mense word daardeur deelgenote van die goddelike natuur. (2 Petrus 1:4)

8. Wat gebeur wanneer ‘n persoon hierdie belofte van God aanvaar en glo?

“Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.” (2 Korinthiërs 5:17)

NOTA: God se Woord het skeppende krag. God se skeppende Woord skep ‘n nuwe skepsel. Die dinge wat hulle eers gehaat het, sal hulle nou liefhê. Dit is hoekom die evangelie die krag van God is (Romeine 1:16). Psalm 33:9, “want Hy het gespreek, en dit was.” So was dit met die skepping. En so is dit met ons redding. Net soos wat God die hele wêreld uit niks geskape het nie, so skep Hy geregtigheid in ‘n persoon waar daar geen geregtigheid is nie. Hy is dieselfde gister, vandag en altyd. Altyd sal Hy die Skepper wees. En altyd doen Hy alle dinge slegs deur Sy Woord. En altyd kan Hy alle dinge doen deur Sy Woord, want dit is die karaktereienskap van Sy Woord dat dit skeppende krag het om ditself te vervul.

Opsomming

Almal van ons word gebore as hulpelose slawe van sonde wat nie God se karakter reflekteer nie. Dit is onmoontlik vir ons om ons harte te kan verander. Hoekom? Sonde het soewereine, en absolute krag oor ons lewens. God kan ons red van die absolute krag van sonde. Christus het gekom om ons te leer dat deur Sy skeppende Woord kan Hy die



absolute krag van sonde vervang met die absolute krag van genade. Christus het geleer dat die gawes wat God ons belowe, ons moet glo dat ons dit ontvang, en dit sal ons s'n wees. Dit is nie so omdat ons dit voel of sien nie, maar omdat God dit belowe het. God het belowe dat Hy ons 'n nuwe hart kan gee wat Sy Woord kan gehoorsaam. Net soos wat God die wêreld geskape het, so sal Hy 'n nuwe hart in ons skape: deur Sy Woord. Wanneer ons Christus se offer vir ons aanvaar, dan word ons sondige harte gekruisig, en Christus lewe Sy regverdige lewe uit in ons deur geloof in Sy Woord. Dit sal net so maklik wees om reg te doen onder die heerskappy van genade, as wat dit was om verkeerd te doen onder die heerskappy van sonde. Dieselfde krag word gebruik in beide skepping en redding: God se skeppende Woord.


Jou keuse

Is jy bereid om Christus se dood vir jou te aanvaar, en om geloof te beoefen in Sy Woord sodat Hy Sy regverdige lewe kan uitleef in jou?

Antwoord: _____

HOOFTUK 9

Oorwinning oor Sonde



In die vorige les, “Hoofstuk 8 – Vry van Sonde”, was dit duidelik gemaak hoe geloof in Christus se lewe, dood en opstanding ons vry kan maak van die slawerny van sonde soos gesien in les “Hoofstuk 7 – Die Krag van Sonde”. Ongelukkig verskoon baie Christene

sonde asof dit nie verhoed kan word van die lewe van ‘n Christen nie. Hulle beweer dat selfs nadat Christus aanvaar is, is dit steeds onmoontlik om al God se gebooie te gehoorsaam. Hulle glo dat God dit nie van hulle verwag om Sy wet heeltemal te gehoorsaam nie. Vir hulle is oorwinning-nederlaag, oorwinning-nederlaag die goedgekeurde lewenstyl van normale Christenskap. Dit is gebaseer op 'n valse begrip van geregtigheid deur geloof en is eintlik ongeregtigheid deur werke. Kom ons kyk na wat die Bybel te sê het oor die Christelike ervaring van 'n wedergebore gelowige.

1. Sal diegene wat aanhou sondig God se koninkryk beërwe?

“Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie?” (1 Korinthiërs 6:9)

NOTA: Die vereistes van God maak dit heeltemal onmoontlik vir sonde en ongehoorsaamheid om deel van die Christelike lewenstyl te wees. Vanaf Adam se tyd is die stryd oor beoefening van geloof in God se Woord. As Satan die hemel moes verlaat as gevolg van sonde, en Adam die tuin van Eden verlaat het as gevolg van sonde, dan wat laat ons dink dat ons deel van God se koninkryk sal wees terwyl ons voortgaan in sonde?

2. Wie sal God se koninkryk beërwe?

“Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ‘n God wees, en hy sal vir My ‘n seun wees.” (Openbaring 21:7)

NOTA: ‘n Wedergebore gelowige sal die oorwinning oor alle sonde behaal, oor trots, selfsug, liefde vir die wêreld, en elke verkeerde woord en daad. God is heilig en slegs heilige wesens kan in Sy teenwoordigheid woon. Hy het ons gemaak om soos Hom te wees (Genesis 1:26-27), en as ons nie hierdie doel vervul nie, dan sal ons nie saam met Hom wees nie. As ons nie die oorwinning oor sonde kry nie, dan is sonde besig om die oorwinning oor ons te kry.



3. Is daar enige versoekings wat ons nie kan oorwin en weerstaan nie?

“Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra” (1 Korinthiërs 10:13)

NOTA: Ons het absoluut geen verskoning vir sonde nie. God laat nie toe dat ons bo ons kragte versoek word nie, en Hy gee ook die krag om die versoeking te oorkom.


4. Hoe weerstaan en oorwin ons versoekings?

“waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.” (2 Petrus 1:4)

NOTE: Ons word deelgenote van die goddelike natuur en oorwin sonde deur God se beloftes in Sy Woord.

5. Hoe het Jesus versoekings weerstaan?

“Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Mattheus 4:4)



NOTA: Christus het versoekings weerstaan deur geloof te beoefen in God se Woord. Dit was nie die kennis van die Woord wat Hom die oorwinning gegee het nie, maar die gehoorsaamheid aan die Woord. 1 Petrus 2:21 leer dat Christus ons voorbeeld is. Ons sal oorwin soos Hy oorwin het.

“Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.”
(Psalm 119:11)


NOTA: Dit is God se Woord wat ons die krag gee om daagliksonde te oorwin. As Eva God se Woord geglo het sou sy nooit gesondig het nie. Die Woord van God het duidelik vir haar geleer om nie van die boom te eet nie. Satan het met sy nuwe woord gekom wat leer dat sy van die boom mag eet. As Eva God se Woord geglo het sou sy nie gesondig het nie. En solank as wat sy God se Woord sou glo sou sy nie gesondig het nie. Dieselfde is waar vir Adam. Hierdie beginsel is net so waar vandag as wat dit in hulle dag was. Die persoon wat vandag God se Woord glo sal nie sondig nie. Solank as wat ons God se Woord glo sal ons nie sondig nie. Hierdie beginsel is ewig. Maar dit moet regte geloof wees – nie die aanvaarding van een Woord, en die verwerping van ‘n ander Woord nie. Ons moet elke Woord van God glo as ons sonde wil oorwin. Dit is hoekom Jesus geleer het dat ons niks sonder Hom kan doen nie (Johannes 15:5), maar alles kan doen wanneer Hy die krag gee (Filippense 4:13).

6. Belowe die Bybel vir ons dat ons alle sonde kan oorwin?

“Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.” (Romeine 8:37)

“Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus” (2 Korinthiërs 2:14)

“Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.” (1 Johannes 5:4)



“Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.” (1 Johannes 3:6)

NOTA: God se Woord is duidelik dat ons geloof die oorwinning is. Wat is geloof? Geloof is om te verstaan dat God se Woord altyd waar is want dit het skeppende krag (Sien “Hoofstuk2 – Wat is Geloof?”). **Wanneer ons geloof in God se Woord beoefen, en dus in Hom bly, sal ons alle sonde oorwin.** Om te leer dat ons nie alle sonde kan oorwin nie is om die krag van die evangelie te ondermyn, en die krag van sonde sterker te maak as die krag van God.

7. Wat is die eerste stap om te verstaan wanneer ons sonde wil oorwin?

“Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.” (1 Korinthiërs 15:57)

NOTA: Satan sal altyd sterker as ons wees, en dus kan ons nie sonde oorwin deur ons eie krag nie. Oorwinning is ‘n gawe! Ons kan dit nie kry deur ons eie pogings of “goedheid” nie. Ons moet slegs daarvoor vra, en die oorwinning sal vrylik aan ons gegee word deur Christus. Hy is die enigste een wat ooit die oorwinning oor Satan behaal het, en as ons die oorwinning wil kry, dan kan dit slegs as ‘n gawe van Christus kom.

8. Wat is die tweede stap om te verstaan wanneer ons sonde wil oorwin?

“As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid” (Mattheus 7:11)

NOTA: Het jy oorwinning nodig oor sondige gewoontes in jou lewe? Tabak, vloek, vuil gedagtes, skinder? Ons kan oorwinning as ‘n geskenk van Christus ontvang. Ons moet Hom vra vir die krag om sonde te oorkom as ons werklik wil oorkom. Hy het ons geleer in Sy Woord dat dit Sy wil is om ons van sonde te red. Hoe weet ons dat ons die oorwinning het nadat ons gevra het? Bloot omdat Hy belofte het dat ons dit sal ontvang. Ons weet dat God nie kan lieg nie. Ons kan Sy belofte vertrou. Die oomblik wanneer ons vra, moet ons die vervulling daarvan as ‘n feit aanvaar, Hom dank vir die gawe, en optree asof dit reeds vervul is. Geen vorm van bewys, gevoel of teken moet verwag word nie. Die skeppende krag in Sy belofte word vrygestel in reaksie op ons geloof alleen.

9. Wat is die derde stap om te verstaan wanneer ons sonde wil oorwin?

“So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.” (Romeine 6:11)

NOTA: Die woord “reken” beteken om iets as reeds gedoen te sien. Dink aan die verhaal van Petrus in Mattheus 14. Christus se Woord het Petrus in staat gestel om die onmoontlike te doen – op water te loop. Solank as wat hy geloof in Christus se Woord beoefen het kon hy die onmoontlike doen. Sodra hy begin twyfel het in Christus se Woord, het hy begin sink. Nou, wat is die onmoontlike dinge in jou lewe? Dit is nie om op water te loop nie, maar om sondige gewoontes te oorwin. Christus leer dat Hy die oorwinning sal gee. Solank as wat jy glo dat jy die oorwinning het, sal jy die oorwinning hê. Dit is so eenvoudig soos dit. God se Woord sal die krag gee. Jy sal dit nie voel nie, maar dit sal daar wees. Dit sal daar bly solank as wat jy dit in geloof aanvaar. Selfs al is daar nog sondige begeertes sal

Christus die krag gee sodat ons nie hoef toe te gee aan daardie sondige begeertes nie.

10. Wat is die vierde stap om te verstaan wanneer ons sonde wil oorwin?

“Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.” (Romeine 13:14)

NOTA: So sterk is die vertrouwe in God se Woord dat geen gedagte of oorweging gegee word om weer onder die krag van daardie sonde te val nie. Geen voorsiening moet gemaak word om te misluk nie. Oorwinning is nie afhanklik van ons krag nie, maar van God se krag. Alle planne wat 'n mate van kompromie insluit word verlaat.

11. Wat as 'n persoon God se Woord betwyfel en in sonde val?

“As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.” (1 Johannes 1:9)

NOTA: Hy sal ons weer vry maak. Maar Hy maak ons vry sodat ons standvastig kan hou aan Hom deur 'n stewiger geloof. In die bitterheid van sonde leer ons ons eie swakheid en nutteloosheid, en in die soetheid van Sy vergifnis leer ons Sy krag om te red. Selfs Petrus het begin sink toe Hy Christus se Woord betwyfel het. Dit het nie Christus se wil vir hom verander om op water te loop nie. Dit was nie goddelike krag wat misluk het nie, maar Petrus het misluk toe hy op menslike krag staatmaak. Dit het net Petrus se behoefte uitgewys vir 'n sterker geloof in Christus se Woord. As ons in sonde val, moet ons bely en opnuut ons lewe aan God gee. Ons moet meer geloof beoefen in Sy beloftes. In “Hoofstuk 5 – Groei Jou Geloof” het ons beginsels geleer om ons geloof te laat groei. God se beloftes kan geen krag gee aan hulle wat geen geloof beoefen nie. Die grense word duidelik beskryf in die woorde van Jesus, “Laat dit vir julle wees volgens julle geloof” (Mattheus 9:29).

Opsomming

Christus het nie net gekom om ons te red van die gevolge en skuld van sonde nie, maar ook die krag van sonde. Deur geloof in God se Woord kan ons oorwin soos Christus oorwin het. Solank as wat ons geloof beoefen in God se Woord is dit onmoontlik om te sondig. Wanneer ons in sonde val is dit omdat ons vir daardie oomblik nie geloof beoefen het nie. Ons het nie geloof in God gehad het nie. God sal ons daaglik heilig deur Sy Woord deur sondes aan ons te openbaar en ons die krag te gee om daardie sondes te oorwin (Johannes 17:17).



4 Sleutels vir Oorwinning

- 1. Besef dat oorwinning oor sonde is 'n gawe van God, en nie deur ons eie werke nie. *1 Kor. 15:57***
- 2. Eis God se beloftes in die Bybel deur Hom daarvoor te vra. *Mattheus 7:11***
- 3. Glo dat God se beloftes waar is omdat Sy Woord skeppende krag het. *Romeine 6:11***
- 4. Moet nie voorsorg/planne maak om te sondig nie. *Romeine 13:14***

Jou keuse

Is dit jou begeerte om daaglikse te lewe deur geloof in God se Woord en so vry van sonde te leef?

Antwoord: _____

1 Korinthiërs 13

- 1** Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword.
- 2** En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.
- 3** En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.
- 4** Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,
- 5** handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,
- 6** is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.
- 7** Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.
- 8** Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan.
- 9** Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.
- 10** Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.
- 11** Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê.
- 12** Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.
- 13** En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

©2020 Armin Kritzinger

Alle Regte Voorbehou

Book Edited Version 4

arminkritzinger@live.com

www.trusthisword.com

[YouTube: Armin Kritzinger](#)